



Belangrike gebeure

UITBREIDING in marktaandeel en besigheidsbasis
met gevolglike **GROTER INVESTERING**
in debiteure en voorraad



SKERP TOENAME in kommoditeitspryse,
produksiekoste en rentekoerse

Meganisasie en Insetverskaffing
behaal **REKORD WINSTE**

Marktoegang divisie lewer bevredigende wins
ten spyte van **LAE GRAANVOLUMES**

Wesenlike **WAARDESKEPPING** en
WAARDE-ONTSLUITING vir aandeelhouders

Sleutelsyfers

		2008	2007
Netto wins (R'm)	37,8%	175,0	127,0
Bedryfswins uit voortgesette bedrywe (R'm)	32,5%	350,0	264,0
Verdiens te per aandeel (c/aandeel)	38,4%	95,7	69,1
Aandeel verhandelingsprys (c/aandeel)	31,3%	525,0	400,0
Opbrengs op openingsekwiteit		22,4%	18,3%
Dividendopbrengs op openingsmarkprys (insluitende spesiale dividende)		13,5%	9,2%
Totale dividend per aandeel (c/aandeel)		54	23
Finale dividend voorgestel		14	17
Interim dividend betaal		10	6
Spesiale dividend betaal		30	-

Oorsig oor bedrywe

Divisie

MARKTOEGANG

- Graansilobedryf
- Logistieke dienste
- Graanbemarking

INSETVERSKAFFING

- Direkte grootmaat insetmiddele
- Handelswinkels
- Meganisasie

KREDIETVERSKAFFING

- Kredietverskaffing
- Finansiering van graan afnemers
- Lang-/mediumtermyn finansiering

DIVERSE ONDERNEMINGS

- Wynkelder
- Saad
- Versekering

Aard van
besigheid

DIE SKEP VAN MARKTOEGANG VIR DIE GRAANPRODUSENT. BEMARKING VAN GRAANPRODUKTE AAN DIE GROOTSTE AFNEMERS IN SUID-AFRIKA

- Hantering en opberging van graan
- Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan
- Bemarking van graankommoditeite

VERSKAFFING VAN INSETMIDDELE EN MEGANISASIE AAN DIE LANDBOUPRODUSENT

- Verspreidingsnetwerk van handelswinkels vir die verskaffing van produksie insetmiddele en algemene boerderybenodighede
- Netwerk van bedieningspunte vir die verkoop en instandhouding van landbautoerusting en onderdele

VERSKAFFING VAN FINANSIERINGSPRODUKTE AAN DIE PRODUSENT EN GRAANKOPER

- Finansiering van alle landbou georiënteerde insette
- Finansiering van bemarkte graan deur middel van 'n verskeidenheid van finansieringsprodukte

BEDRYWE TER VERLENGING VAN DIE WAARDEKETTING

- Verwerking en bemarking van verskeie wynprodukte
- Die verwerking van saadprodukte, as deel van die insetmiddele-ketting
- Verskeie doelgemaakte versekeringsprodukte gemik op die langtermyn, korttermyn en oesversekeringsmark word gelewer as deel van makelaarsdienste

Sleutel
finansiële
indikators

	2008 R'm	2007 R'm
Inkomste	5 902	4 273
Wins voor belasting	138	166
Opbrengs op totale bates	25	27

	2008 R'm	2007 R'm
Inkomste	1 573	1 155
Wins voor belasting	83	42
Opbrengs op totale bates	23	17

	2008 R'm	2007 R'm
Inkomste	120	80
Wins voor belasting	44	24
Opbrengs op totale bates	12	9

	2008 R'm	2007 R'm
Inkomste	39	40
Wins voor belasting	3	2
Opbrengs op totale bates	17	14

Bedryfs-
punte

69 Graan silokomplekse
24 Graan verkrygingskantore

29 Handelswinkels
11 Meganisasie werksinkels

Gesentraliseerde finansiering en
graanfinansiering

14 Versekering bedieningspunte
1 Hartswater Wynkelder
2 Saadverwerkingsaanlegte

Bedrywe se bydrae tot wins voor belasting



MARKTOEGANG



INSETVERSKAFFING




KREDIETVERSKAFFING



DIVERSE ONDERNEMINGS

Senwes groepstruktuur



Direksie

SENWESBEL VERTEENWOORDIGING



JAPIE GROBLER
VOORSITTER

B.Juris, LLB

Ouderdom: 56
Direksielid sedert
April 1997

KOMITEES
Standaardekomitee
(voorsitter)
Alle direksiekomitees:
ex officio toegang



DANIE MINNAAR
ONDERVOORSITTER

B.Com

Ouderdom: 43
Direksielid sedert
September 1999

KOMITEES
Menslike Hulpbronne-
komitee (voorsitter)
Ouditkomitee
Standaardekomitee



JANNIE ELS

Landboudiploma

Ouderdom: 62
Direksielid sedert
Oktober 2000

KOMITEES
Menslike Hulpbronne-
komitee



DRIES KRUGER

B.Compt(Hons), GR(SA)

Ouderdom: 57
Direksielid sedert
Oktober 2007

KOMITEES
Ouditkomitee

BERTUS MOSTERT

B.Proc

Ouderdom: 42
Direksielid sedert
Oktober 2003

KOMITEES
Ouditkomitee
Risikokomitee



WH VAN ZYL

Ouderdom: 66
Direksielid sedert
Oktober 2002

KOMITEES
Risikokomitee (voorsitter)
Standaardekomitee

RBF KONSORTIUM VERTEENWOORDIGING

JACOB MASHIKE

B.Sc(Eng) Chem, MBL

Ouderdom: 41
Direksielid sedert
Februarie 2006

KOMITEES
Risikokomitee



MPHAHLELE POOE*

B.Proc, Prokureur van die
Hoërhof

Ouderdom: 48
Direksielid sedert
Maart 2007

KOMITEES
Menslike Hulpbronne-
komitee

*** Alternatiewe direkteur:**
LUCAS NDALA

B.Com, PGDM en B.Com(Hons), GR(SA)
Ouderdom: 33
Direksielid sedert Februarie 2006

ONAFHANKLIKE VERTEENWOORDIGING



JOHAN ALBERTS

SSAF, B.Com (Ekon),
STR, GR(SA)

Ouderdom: 65
Direksielid sedert
Januarie 2001

KOMITEES
Ouditkomitee (voorsitter)



JESMANE BOÇENPOEL

B.Com, B.Rek, GR(SA)

Ouderdom: 35
Direksielid sedert
April 2008

KOMITEES
Ouditkomitee



GEORGE MAQASHULA

B.Sc(Chem),
Nagraadse kwalifikasie
(Besigheidsbestuur)

Ouderdom: 46
Direksielid sedert
Oktober 2003

KOMITEES
Menslike Hulpbronne-
komitee

UITVOERENDE DIREKTEURE

JOHAN DIQUE

BESTURENDE DIREKTEUR

B.Com(Hons), GR(SA)

Ouderdom: 52
Aangestel op
1 Augustus 2001



STEVEN ALBERTS
DIREKTEUR FINANSIES

B.Rek, B.Compt(Hons),
GR(SA)

Ouderdom: 42
Aangestel op
1 Maart 2005



FRANÇOIS STRYDOM
DIREKTEUR BEDRYF

B.ScAgric(Hons)

Ouderdom: 48
Aangestel op
21 Mei 2001



MAATSKAPPYSEKRETARIS


ELMARIE JOYNT
MAATSKAPPYSEKRETARIS

B.Com(Regte), LLB
Prokureur van die Hoërhof,
FCIS, FCIBM


Ouderdom: 38
Aangestel op
1 Februarie 2002



Bestuurstruktuur



Senwes se huidige voetspoor



Voorsitter se verslag



JAPIE GROBLER

Wisselvalligheid en landbou is sinoniem. Die bepalende faktor vir sukses is egter 'n agri-besigheid se vermoë om binne dié wisselvalligheid effektief te opereer en by wyse van aanpasbaarheid steeds 'n goeie prestasie te kan lewer.

SENWES HET HIERDIE DINAMIKA weer eens in die afgelope finansiële jaar gedemonstreer deur 'n uitstekende prestasie onder stram en uitdagende mark- en landbouteostande te lewer.

Die meganisasie-, direkte grootmaatinsette- en kredietverskaffing-besigheidseenhede het 'n uitstekende siklus beleef. Onder omstandighede het die graanbesigheid relatief goed presteer, hoewel die uiteindelijke resultaat steeds nie gunstig vergelyk met die divisie se tradisionele prestasie in 'n normale volume jaar nie.

Senwes se waarde-ontsluitingstrategie – soos voorheen aan ons aandeelhouders voorgehou – het nog 'n tree verder gevorder. Die gaping tussen die netto batewaarde en handelingswaarde is suksesvol oorbrug en aandele handel reeds teen 'n premie hoër as batewaarde van nagenoeg 29%. Gemeet teen die onderneming se volgehoue finansiële prestasie is dit waarskynlik nog nie die volle waarde nie en verdere versterking van hierdie verhouding word steeds nagestreef.

BREË BESIGHEIDS- EN LANDBOU-OMGEWING

Die jaar onder oorsig is gekenmerk deur fluktuasies in die rand/dollar wisselkoers en toenemende druk op die ekonomie. Ander faktore wat ook 'n impak op kommersiële landbou uitgeoefen het, behels onder meer die volgende:

- Inflasiekoers stygings het gedurende die jaar voortgeduur en die VPIX-indeks het toegeneem vanaf vlakke van 6,4% in Mei 2007 tot onlangse vlakke van 10,8%.
- Prima rentekoerse het gestyg tot op 'n vlak van 15% – wat dui op 'n toename van 4,5% oor die afgelope twee jaar. Verdere stygings word in die vooruitsig gestel.
- Soos verwag het die ekonomie verlangsamen en die M3 geldvoorraad het begin daal terwyl motorverkope en kleinhandelomsette dié tendens gevolg het.
- Produksiekoste het onder druk verkeer. Wêreldwyd het energiekoste geweldige toenames getoon en die Brent ru-olieprys het gestyg vanaf \$66 aan die begin van die finansiële jaar tot so hoog as \$115 per vat teen jaareinde. Sedertdien is nuwe rekordvlakke aangeteken tot so hoog as \$142 per vat ten tye van druk. Dit het uiteraard tot 'n toename in brandstof- en kunsmispryse gelei.
- Die momentum wat verleen is aan die VSA se biobrandstofstrategie, het die addisionele vraag na graankommoditeite internasionaal aangeblaas tot ongekende vlakke.
- Nuwe prysvlakke het ook die vraag na insetmiddele geraak en vervaardigers van heelwerktuie is veral onkant betrap in die sin dat vraag vinniger toegeneem het as beplande vervaardigingskapasiteit, met gevolglike druk op die beskikbaarheid van sekere ingevoerde produkte. Die fundamenteel het verander vanaf 'n aanbodgedrewe mark na 'n vraaggedrewe mark.
- Die nuwe markgeleenthede wat die voorsiene plaaslike biobrandstof vir graanprodusente sou skep, is in die kiem gesmoor deur die regering se besluit om voedselsekuriteit voorop te stel deur

TE MIDDE VAN UITDAGENDE LANDBOU- EN BESIGHEIDSTOESTANDE, VERSKUIF SENWES DEURLOPEND DIE DOELPALE VAN EKONOMIESE WINS; MET STABIELE WINSGEWENDHEIDSVLAKKE WAT GEVESTIG IS EN JAARLIKS GEHANDHAAF EN VERBETER WORD.



mielies uit te sluit as ondersteunde gewas waaruit biobrandstof plaaslik vervaardig kan word.

- Die mieliebalansstaat is gedurende die afgelope twee produksieseiensone (weens laer aanplantings en droogte) afgebou tot ongemaklike lae vlakke en silo-eienaars se prestasie het onder druk begin verkeer weens die lae voorraadvlakke.
- Plaaslike pryse is laag in die prysband en vertoef selfs onder uitvoerpariteit met logistiek om effektiewe uitvoergeleenthede te benut as beperkende faktor.
- Rekordvlakke van grondpryse is aan die orde van die dag – die balansstate van die produsent het wesenlik positief toegeneem en die skuldkapasiteit van die produsent het daarmee saam gestyg.
- Nadat landbou se besigheidsvertroue-indeks baie positief was aan die begin van 2007, het dit begin terugsak weens die stygende insetkoste en die feit dat kommoditeitspryse relatief nie tot dieselfde mate toegeneem het nie – nietemin bly dit positief.
- Onstabiele elektrisiteitsverskaffing deur Eskom en gevolglike beurtkrag sedert Januarie het ekonomiese groei negatief geraak.

KORPORATIEWE BEHEER

Die voldoening aan korporatiewe beheer in terme van aanvaarde beginsels is ononderhandelbaar en word deur die Direksie onderskryf. Hierdie beleid vind op grondvlak neerslag in die streng toepassing van King II-beginsels en bied die geruststelling dat die Direksie deurlopend na die belange van al die belanghebbendes van Senwes omsien.

Ek is tevrede dat goeie en doeltreffende beheer toegepas word. Te midde van uitdagende landbou- en besigheidstoestande, verskuif Senwes deurlopend die doelpale van ekonomiese wins; met stabiele winsgewendheidsvlakke wat gevestig is en jaarliks gehandhaaf en verbeter word.

DIREKSIE-AANGELEENTHEDE

Gedurende die jaar het mnre Jimmy Shahim en Jan Botma se termyn verstryk. Beide direkteure was lid van die Direksie sedert 2000 en het op besondere wyse 'n bydrae gelewer op direksievlak. Hulle was ook deel van die span wat die omdraai bewerkstellig het by Senwes en word bedank vir die rol wat hulle gespeel het.

Mnr Dries Kruger is deur aandeelhouers tot direksiegeleedere verkies. As geoktrooieerde rekenmeester het hy homself alreeds bewys as waardevolle toevoeging tot die Direksie in terme van sy finansiële kennis en kundigheid oor besigheidsvoering. 'n Addisionele onafhanklike direkteur, me Jesmane Boggenpoel, is aangestel. Sy is 'n geoktrooieerde rekenmeester met uitgebreide kommersiële ondervinding.

Goeie vordering is oor die afgelope paar jaar gemaak met die samestelling van 'n goed gebalanseerde en verteenwoordigende direksie wat in staat is om uitdagings die hoof te bied.

VOORUITSIGTE

Produsente kan hul daarop voorberei dat die huidige ekonomiese toestande en tendense in die nuwe finansiële jaar sal voortduur. Na raming sal insetkoste gedurende die volgende somerproduksieseiensone verder drasties styg tot ongekende vlakke. Gegewe die hoë korrelasie van internasionale mielie-kommoditeitspryse en die olieprys, is die verwagting dat daar tot 'n groot mate 'n natuurlike skans

teen hierdie grootskaalse insetkoste prysstygings is en behoort daar dus ook goeie nuus te wees. 'n Mens kan gevolglik aanneem dat 'n positiewe aanplantingsiklus in die nabye toekoms sal voortduur. Na verwagting sal dit 'n gunstige uitwerking op die insetverskaffingsbesigheid hê.

Die huidige someroes lyk belowend en aanduidings is dat 'n terugkeer tot normale graanvolumes in die vooruitsig is. Verhoogde aanplantings van wintergraangewasse in die komende jaar word ook verwag. Dit behoort die Graan divisie se potensiele prestasie in die volgende jaar te verhoog en die benutting van nuwe geleenthede in ander markte kan ook verdere waarde skep. Weens bogenoemde aspekte kan aandeelhouers uitsien na 'n voortsetting van dié goeie resultate, gegewe die gunstige landbou-siklus en herstel van die Graan divisie se winsgewendheid.

NOTERING

Daar is 'n verwagting by aandeelhouers om die finale stap van waarde-ontsluiting te voltooi. Dit is ook voorheen aan aandeelhouers voorgehou dat dit dalk moontlik sou wees om teen 2008 tot hierdie stap oor te gaan.

Alhoewel Senwes uitstekende resultate lewer, is dit belangrik om vir die regte redes te noteer en die langtermyn sukses van hierdie stap te verseker. Senwes se portefeulje is baie gefokus en gekonsentreerd. Moontlike geografiese verspreiding kan belangrik wees ten opsigte van verspreiding van risiko. Hierdie aspekte en andere soos byvoorbeeld gunstige ekonomiese omstandighede om te noteer, verdien egter verdere oorweging en die nodige aanbevelings rondom notering sal vanjaar nog gemaak word.

BEDANKINGS

Ek gee graag erkenning aan al die belanghebbendes, produsente en verskaffers vir volgehoue goeie besigheidsverhoudinge. Tesame hiermee bedank ek ons aandeelhouers vir hul vertroue in Senwes se strategiese rigting. Senwes is sterk op koers om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te word.

Die Direksie, uitvoerende bestuurspan en personeel verdien lof vir hul onvermoeide ywer om innovering en waardeskepping te laat seëvier. Dit is 'n voorreg om eerstehands te ervaar hoe strategie omgeskakel word in aksieplanne en telkemale weerklank vind in skitterende resultate.

Ons dank ook die Skepper, deur wie se krag ons tot alles in staat is.

JAPIE GROBLER
VOORSITTER

Besturende Direkteur se verslag

In 'n rugby toetswedstryd is dit vir 'n span van belang om faktore soos gebiedsvoordeel, balbesit, hantering en speltaktiek deurlopend voor oë te hou – maar dit is die telbord wat uiteindelik die beslissende sê het.



JOHAN DIRQUE

ONGEAG DIE EKONOMIE, KLIMAAT OF MARKTOESTANDE, word enige onderneming ook oorhoofs gemeet aan wat die finansiële telbord teen jaareinde weerspieël. Dit is in nederigheid en met dankbaarheid dat Senwes weer eens 'n skitterende finansiële resultaat vir die jaar tot 30 April 2008 aankondig.

Enkele hoogtepunte wat melding verdien, is:

- 'n Nabelaste wins van R173 miljoen toeskryfbaar aan aandeelhouders – 'n 38% verbetering
- Verdienste per aandeel staan op 95,7 sent – 'n 38% toename vergeleke met verlede jaar se 69,1 sent per aandeel
- Opbrengs op openingsekwiteit beloop 22%
- Aandeelhouders het 45% groei op die openingsprys verdien, saamgestel uit 31% groei in aandeelprys en 14% dividende
- 'n Finale dividend van 14 sent per aandeel word voorgestel

OPERASIONELE TERUGBLIK

Gedurende die finansiële jaar het die positiewe kommoditeitspryse aanleiding gegee tot goeie aanplantings deur produsente. Dit het ook gelei tot 'n positiewe besigheidsiklus vir die Insetverskaffing en Kredietverskaffing divisies. Daar was 'n spesifieke dryf om marktaandeel te groei by wyse van produkaanbod en verbeterde klantediens aan die produsent en sodoende nader aan die klant te beweeg. Dié strategie het goeie vrugte afgewerp.

Senwes het 'n sterk toewyding ten opsigte van die groei van sy besigheidsbasis en klantebasis en as gevolg hiervan het die balansstaat in relatiewe terme gestyg. Dit het ook marktaandeel groei en sterk produksieprysinflasie as onderbou. Verder het die stygende kommoditeitspryse die verhoogde balansstaatposisie van verdere momentum verskaf.

Die Insetverskaffing divisie het wasdom bereik en lewer ekonomiese wins. Die Handel- en meganisasie-besigheidseenhede het die potensiaal van die Insetverskaffing divisie gedemonstreer. Uitstekende resultate word gelewer na die omdraaistrategie voltooi is in vorige jare, en het die divisie in staat gestel om te kapitaliseer op die momentum van 'n positiewe besigheidsiklus.

Ten spyte van sterk druk op die deursetkanaal van graan, weens lae beskikbare volumes graan, het die Graan divisie steeds 'n relatiewe goeie resultaat gelewer. Die marktoestande het die divisie se innovasie gedaag ten einde hul potensiaal nog verder te ontgin en daardeur die fokus op marktoegang te veredel.

Die diverse bedrywe het volgens verwagting presteer. Korporatiewe ondersteuningsdienste is koste-doeltreffend bestuur terwyl operasionele doeltreffendheid gehandhaaf is.

BELANGHEBBENDES

Senwes se bestuur is daarop ingestel om ekonomiese prestasie, omgewingsverantwoordelikheid en korporatiewe burgerskap deurlopend in die maatskappykultuur te vestig. 'n Volledige volhoubaarheidsverslag word elders in hierdie jaarverslag weergegee.

AANDEELHOERS

Goeie waarde is vanjaar vir aandeelhouders geskep. Die aandeelprys het vanaf R4,00 toegeneem na R5,25. Waarde is verder ontsluit deur 'n volgehoue dividendbeleid en 'n 13,5% dividendopbrengskoers (54 sent in totaal) is gerealiseer.

'n Opbrengskoers op openingsekwiteit van 22,4% is behaal.

KLANTE

Gedurende die afgelope jaar is Senwes se dryf om klante se voorkeurverskaffer te wees, voortgesit. Die mikpunt is om klante te ondersteun met dinamiese produkte en innovasie ten einde hul behoeftes ten opsigte van produkte, diens, prys en leweringsmeganisme te verstaan en te bevredig. Die marktaandeelgroei demonstreer die sukses hiervan.

WERKNEMERS

As deel van die strewe om 'n voorkeur werkgewer in die landbousektor te word, is vanjaar weer aan die "Best company to work for" opname deelgeneem ten einde ons mensbestuur-praktyke te evalueer. Senwes het die derde plek behaal in die landbousektor-kategorie en was 14de in die kategorie vir medium grootte maatskappye – waaraan 62 besighede deelgeneem het vanuit alle sektore.

Die Maatskappy het gedurende 2007 'n nuwe korttermyn insentiewe skema bekend gestel van toepassing op alle permanente werknemers. Die skema is so gestruktureer dat dit individue en spanne motiveer tot prestasie en innovasie. Die skema laat personeel deel in die rykdom wat geskep word vir belanghebbendes.

Verskeie leierskapsprogramme – wat fokus op aangewese groepe, toesighouders en junior- en middelbestuurders – is gedurende die jaar geloods. Hierdie programme is daarop gerig om besigheidsdoelstellings uit te bou en om 'n wenkultuur te vestig. Goeie vordering is gemaak met formele leerlingskappe, en groepe kandidate wat verskillende kern- en fundamentele modules met sukses voltooi het.

GEMEENSAP

Bo en behalwe die feit dat Senwes 'n belangrike ekonomiese impak op spesifiek die platteland het, word daar aanvaar dat betrokkenheid by die gemeenskap op ander vlakke 'n noodsaaklikheid is.

'n SEB transformasie-handves is in 2004 deur die Direksie goedgekeur, wat sedertdien in lyn gebring is met die konsep Agri-SEB handves en die kode van goeie praktyk. Senwes glo dat swart ekonomiese bemagtiging (SEB) 'n onontbeerlike komponent is in die fasilitering van betekenisvolle deelname van swart mense op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse ekonomie, om sosiale, sosio-politieke en ekonomiese stabiliteit te verseker, sowel as om by te dra tot ekonomiese groei en ontwikkeling. Senwes is tans 'n vlak 6 bydraer tot SEB.

Die verbintenis met sportontwikkeling is voortgesit met 'n tweede jaar as borg van die Senwes Spinners krieket ontwikkelingsprogram vir die jeug van die Noordwes provinsie. Die program is op plaasskole gemik.

En van die verdere sosiale verantwoordelikhedsprojekte behels die ondersteuning van twee jeugafgrigters, wat onmiddellike ondersteuning aan leerders bied en 'n rolmodel is waarmee tieners kan

vereenselwig. Gedurende die jaar was die afrigters ook betrokke by toernooie waar die tien Spinners-skole teen mekaar meegeding het.

'n Suksesvolle entrepreneurskompetisie is vanjaar voortgesit en dit is wonderlik om te sien hoe jongmense hierdeur aangespoor word tot innoverende denke, iets wat Senwes as deel van sy kultuur sien.

Daar is ook verskeie opkomende boer projekte met groot sukses geloods in die Vereniging en Vaalharts gebiede. Hier is finansieringsbystand en landboukundige advies met groot vrug aangewend.

SENWES SE BREË STRATEGIE

Op korporatiewe leiersvlak is daar verlede jaar met 'n nuwe strategiese proses begin. Daar was inkoop deur al die persone wat die strategiese sessie bygewoon het en 'n hernude fokus het vorm aangeneem. Dié strategie – wat ook deur die Direksie aanvaar is – het die padkaart van nuwe innovasie en verdere vooruitgang geword.

Senwes se fokus om sy kernbedrywighede op 'n geïntegreerde basis na die klant te neem, ondersteun die soeke na verwesenliking van die visie om die mees geadmireerde landboubesigheid in Suid-Afrika te word. Vordering is reeds hiermee gemaak en geskied op gesonde besigheidsbeginsels ten einde volhoubare finansiële prestasie te lewer.

Senwes glo steeds dat konsolidasie binne die landbou 'n noodsaaklikheid is en dat dit oor tyd 'n realisme sal word. Die oostelike somerproduksiegebiede was heelwat meer suksesvol in die verband terwyl die westelike produksiegebiede nog ongekonsolideerd bly. Die Wes-Kaap het ook vordering getoon wat die konsolidasie van die wintergraanproduksiegebiede betref.

Gesprekke met ander partye geskied deurlopend, maar het ongelukkig nog nie tasbare vrugte afgewerp nie.

Die kerndoelwit van die waarde-ontsluitingstrategie is om Senwes uiteindelik as 'n noteerbare entiteit te vestig. Een van die doelwitte, die ontsluiting van 'n aandeelprys teen 'n premie bo die netto batewaarde, is reeds verwesenlik. 'n Besigheidsmodel, wat volhoubare ekonomiese wins kan aflewer, is ook gevestig. Suksesvolle notering verg egter meer as dit. Faktore, soos die risikoprofiel, kritiese massa, redes vir notering – byvoorbeeld spesifieke kapitaalbehoefte – asook voordele en nadele vir belanghebbendes en die onderneming self, verg verdere uitklaring.

Notering op die JSE sekuriteitebeurs bied duidelik 'n geleentheid om verdere waarde vir aandeelhouders te ontsluit of om addisionele kapitaal vir die Maatskappy te lok, indien huidige aandeelhouders dit nie kan voorsien nie. Die stap sal sorgvuldig oorweeg en op 'n gepaste wyse met aandeelhouders bespreek word, indien die behoefte bestaan.

Uit 'n Senwes-perspektief blyk notering onnodig op hierdie stadium, hoewel daar veral vanuit die tradisionele aandeelhoudersgeledere wel die behoefte bestaan.

Die afgelope jaar was daar vanaf aandeelhoudersblokke (beide die bemagtigingskonsortium en Senwesbel) pogings om hul belang in die maatskappy te verstewig. Senwesbel beskik tans oor 35,5% aandeelhouding en sy bemagtigingsvennoot, die Bafokeng Konsortium, oor 32,6% terwyl ongeveer 32% steeds aan minderhede behoort.

Die feit dat Senwes 'n bemagtigde maatskappy is, is ondanks verskeie inisiatiewe en harde werk ten opsigte hiervan, nog nie ten volle ontgin nie. Na verwagting sal dit toenemend belangriker word in die toekoms, veral vanuit die oogpunt van die afnemers van graan.

SENWES SE FOKUS OM SY KERNBEDRYWIGHED OP 'N GEÏNTEGREERDE BASIS NA DIE KLANT TE NEEM, ONDERSTEUN DIE SOEKE NA VERWESENLIKING VAN DIE VISIE OM DIE MEES GEADMIREERDE AGRI-BESIGHEID IN SUID-AFRIKA TE WORD.



VOORUITSIGTE

Volhoubaarheidstoestande vir die komende jaar lyk belowend, met kommoditeitspryse wat in 'n bulmark verkeer en wat sodoende aan hierdie situasie verdere stukrag verleen.

'n Groter aanbod van innoverende produkte en 'n meer aggressiewe benadering tot die finansieringsmark, behoort aan beide die Kredietverskaffing- en Handelsbesigheid 'n gesonde besigheidsbasis te verskaf ten einde 'n goeie someraanplantingsiklus te verseker – steeds teen die agtergrond van gesonde kredietverleningspraktyke.

Senwes het 'n sterk dryf om die beste te wees in sy bestaande bedieningsgebied voordat aggressiewe voetspooruitbreiding – teen 'n premie – verder nagestreef word. Desnieteenstaande word nuwe geleenthede deurlopend ondersoek, veral met betrekking tot Afrika markte.

Die graanhanteringskanaal kom al hoe meer onder druk as gevolg van plaaslaai-aksies, alternatiewe bergingstrukture en produsente wat self berg op plase. Ons is van mening dat volhoubare logistieke oplossings die antwoord is om deel te bly van die graanvoorsieningsketting, en Senwes het reeds ver gevorder in hierdie verband.

Die Senwes-gemeenskap is verbind tot die toekoms van ons land, ons gemeenskap, ons besigheid en sy strategie, en die sukses wat ons daarmee gaan behaal. Die geïntegreerde besigheidsmodel wat gevolg word, word gesien as die voertuig waarmee Senwes die eindbestemming gaan bereik as die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika.

BEDANKINGS

Ek het 'n behoefte om elke klant te bedank wat Senwes as sy/haar onmisbare spesialis-vennoot in landbou kies. Saam kan ons altyd beter planne maak, gerig op volhoubaarheid en standhoudendheid in landbou.

Die verskaffers en handelskollegas wat ons in staat stel om 'n spyskaart van innoverende produkte en dienste aan te bied, verdien ook erkenning. Mag die jaar wat voorlê weer eens 'n voortsetting van 'n suksesvolle vennootskap wees.

Punte op die telbord word inderdaad aangeteken deur 'n span wat besik oor 'n gemeenskaplike visie, maar wat steeds 'n groep dinamiese individue is. Op meer as een vlak is bewys dat dit die karakter van Senwes se personeelkorps is. Namens my en die uitvoerende bestuurspan sê ons baie dankie.

Die visie en leiding wat ons van die Voorsitter en die Direksie ontvang, is inspirerend.

Te midde van die uitdagings wat 'n mens in die gesig staar, is daar beslis 'n opgewondenheid oor die taak wat ons elkeen het om te verrig hier aan die suidpunt van Afrika. Dit is 'n wilsbesluit om te bly en 'n verskil te maak – alles as deel van die gratis geskenk van ons Vader se genade en liefde wat ons ontvang.

JOHAN DIRQUE
BESTURENDE DIREKTEUR

Finansiële oorsig

Senwes kondig met trots uitstekende bedryfsresultate aan wat, ongeag moeilike omstandighede, fenomenale groei vir die derde agtereenvolgende jaar reflekteer. Dit bevestig die veerkragtigheid van die besigheidsmodel en die deursettingsvermoë van die bestuurspan, met gevolglike buitengewone voordeel vir die aandeelhouer.



STEVEN ALBERTS

AFGESIEN VAN DIE DINAMIKA WAT DEUR NORMALE BESIGHEID in die gesig gestaar moet word, is 'n landboubesigheid, saam met die landbougemeenskap, blootgestel aan volatiliteit ten opsigte van weerpatrone en beduidende markbewegings. Dit is omvattend geïllustreer oor die afgelope twee jaar, met normale plantsiklusse wat eerstens 50% verlaag het weens 'n afskaaljaar gevolg deur 'n droogte in die daaropvolgende jaar, wat sodanige impak op graanopbrengste gehad het dat lewerings met ongeveer 50% afgeneem het. In wese is een hele oes verloor. Dit is die taak van die Direksie en bestuur om buitengewone resultate af te lewer tydens hierdie moeilike omstandighede. Dit verg gevolglik buitengewone spanwerk en uitstaande risikobestuurspraktyke om hierdie risiko's in geleentheid te omskep.

GROEPRESULTATE

Die omsetgroei van 38% na R7,6 miljard het hoofsaaklik weens twee redes geskied. Eerstens het beide kommoditeitspryse en insetkoste drastiese stygings getoon, maar tweedens, en meer verblydend, kon Senwes daarin slaag om sy markaandeel met ongeveer 10% te groei. Die bedryfswins voor belasting het met 41% gegroei na R376 miljoen. Dit het die grondslag gelê vir 'n netto resultaat van R173 miljoen toeskryfbaar aan aandeelhouers. Dit is uiters bevredigend aangesien laasgenoemde 'n 38% groei verteenwoordig in 'n moeilike jaar waartydens verlaagde graanvolumes negatief geïmpakteer het op die hele graanbedryf. Die resultaat verteenwoordig ook 'n verhoogde opbrengs op openingsekwiteit van 22,4%, 'n verhoging teenoor verlede jaar se 18,3%.

Die resultaat van die Marktoegang divisie is ernstig geknou deur volumes, soos vroeër bespreek. Desondanks, weens voortrefflike pogings, kon die divisie suksesvol bydra tot die effek van 'n voorbelaste resultaat van R138 miljoen, vergeleke met verlede jaar se R166 miljoen.

Die ster in die portefeulje vanjaar was die Insetverskaffing divisie, wat 'n voorbelaste wins van R83 miljoen gelewer het, vergeleke met R42 miljoen verlede jaar. Dit verteenwoordig 'n groei van 98%. Inkomste toon dieselfde positiewe tendens met 'n groei van 36%. Daar was ongetwyfeld geleentheid benut in veral die Meganisasie-afdeling, weens die opswaai in die besigheidsiklus. Sodanige geleentheid is ten volle deur die meganisasiespan benut. Direkte insette het dieselfde positiewe siklus beleef en inkomste het met 57% gestyg. Die kleinhandelswinkels het hul posisie gehandhaaf, ongeag verhoogde ekonomiese druk weens die impak van verhoogde rentekoerse op verbruikersbesteding. Dit illustreer die noodsaaklikheid om besigheid infrastruktuur en bestedingsvermoë te bely, 'n oefening reeds in die verlede voltooi.

Die prestasie van die Insetverskaffing divisie is uitmuntend ondersteun deur die Kredietverskaffing divisie, wat 'n gesonde groei binne die raamwerk van 'n streng kredietbeleid reflekteer.

BALANSSTAAT

Die Groep se batebasis is die afgelope jaar verhoog, weens die gemelde groei in die besigheidsbasis, en het gevolglik gelei tot die groter belegging in debiteure. Daarbenewens het die hoër kommoditeitspryse asook die verhoogde belegging in handelsvoorraad 'n impak gehad op die voorraad op hande syfer. Totale bates (kontant uitgesluit) het met 24% na R2 340 miljoen gestyg.

Die Groep se ratverhouding is steeds gesond en die optimalisering van die kapitaalstruktuur is een van die kritiese prestasie-areas in die voorkoming van 'n sogenaamde lui balansstaat. Balansstaatproduktiwiteit het beduidend verhoog gedurende die afgelope twee jaar en word gereflekteer in die bateomsetsnelheid van meer as drie maal per jaar en die inkomste-tot-ekwiteitverhouding van meer as nege keer.

Totale bates is 35% met eie kapitaal gefundeer wat steeds gesond is vir die Maatskappy se besigheidsbasis en risikoprofiel. Dit word verder bevestig deur 'n rentekoersdekking van drie.

KONTANTVLOEI

Soos verwag sal besigheids groei kontantvloed negatief beïnvloed en het die belegging in bedryfskapitaal verhoog met R348 miljoen. Detail analise van die kontantvloed dui op gesonde onderliggende kontant voortgebring uit bedryfsaktiwiteite van R438 miljoen, wat met 42% verhoog het en duidelik die potensiaal van die besigheid reflekteer.

AANDEELHOERS

Gedurende die jaar onder oorsig het die aandeelhouer as primêre belanghebbende voordeel getrek uit die groei in die aandeelprys van 31%, met 'n openingsverhandelingsprys van R4,00 en 'n sluitingsprys van R5,25. Daarbenewens is dividende van 54 sent per aandeel ontvang (interim 40 sent) en 'n finale dividend van 14 sent per aandeel word voorgestel – wat 'n dividendopbrengs van 13,5% verteenwoordig. Dit bring die aandeelhouer se opbrengs op 45% op openingsekwiteit te staan. Verdienste per aandeel het gegroei met 38,5%, vanaf 69,1 sent per aandeel na 95,7 sent per aandeel.

Die prysboekverhouding beloop op jaareinde 114% en Senwes strewre daarna om hierdie verhouding nog verder te verstewig. Die prys-verdiensieverhouding bereken op wesensverdienste het na konstante verhoging die afgelope vyf jaar gestabiliseer rondom ses. Die aandeel dui dus steeds op 'n goeie waarde-proposisie en potensiele groei vir voornemende beleggers.

VOORUITSIGTE

Die landboubedryf beleef tans 'n uiters positiewe siklus. Dit word ondersteun deur 'n internasionale bevolkingsaanwas in ekonomieë soos Indië, Brasilië, China en Rusland, wat vraag stimuleer en toenemend druk plaas op energiebehoefte, en gevolglike prysverhogings. Biobrandstof as ontluikende bedryf word hierdeur aangespoor en word verder gestimuleer deur verhoogde bewustheid van die impak op die omgewing.

Beduidende prysverhogings van insetprodukte sal deur produsente die komende seisoen ondervind word, veral ten opsigte van brandstof en kunsmis, en aanplantings op marginale grond sal versigtig oorweeg moet word. Ten spyte hiervan sal kommoditeitspryse waarskynlik in 'n bufase verkeer en behoort die produsent steeds uit die positiewe siklus voordeel te trek.


Senwes is derhalwe positief dat voortgebou sal kan word op die goeie resultate van vanjaar en dat verder gekapitaliseer kan word op hierdie siklus.

STEVEN ALBERTS
DIREKTEUR FINANSIES

Finansiële hoogtepunte


INKOMSTESTAAT

Wins uit voortgesette
bedrywe (R'm)




BALANSSTAAT

Rentedraende skuld (R'm)




EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT

Bate omsigsnelheid (keer)




KONTANTVLOEISTAAT


Kontant uit bedrywe gegeneer vs
netto kontantvloei (R'm)




Wins na belasting (R'm)




Eie kapitaal verhouding teenoor
netto bates (%)



Bedryfswins per werknemer (R'000)



Inkomste uit voortgesette
bedrywe (R'm)




SENWES KONDIG MET TROTS UITSTEKENDE
BEDRYFSRESULTATE AAN WAT, ONGEAG
MOEILIKE OMSTANDIGHED, FENOMENALE
GROEI VIR DIE DERDE AGTEREENVOLGENDE
JAAR REFLEKTEER.




AANDEELHOUERS

Waarde geskep en ontsluit vir
aandeelhouer – kapitaal en
dividende (c/aandeel)




Aandeelprys: Verhandelingswaarde
vs netto batewaarde (c/aandeel)




Verdienste per aandeel (c/aandeel)



Dividende (c/aandeel)



Prysverdiensle verhouding op
wesensverdiensle bereken (keer)



SENWES GROEP VYFJAAR-OORSIG

	2008 R'm	2007 R'm	2006 R'm	2005 R'm	2004 # R'm
BALANSSTAAT					
Bates					
Nie-bedryfsbates	376	331	254	269	381
Bedryfsbates	1 999	1 777	1 386	1 595	1 771
Nie-bedryfsbates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	-	14	3	-	-
Totale bates	2 375	2 122	1 643	1 864	2 152
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Totale aandeelhouersbelang	843	773	683	622	569
Nie-bedryfslaste	79	106	89	80	60
Bedryfslaste	1 453	1 243	870	1 162	1 523
Aanspreeklikhede geassosieer met nie-bedryfsbates – gehou vir verkoop	-	-	1	-	-
Totale laste	2 375	2 122	1 643	1 864	2 152
Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste	802	771	606	815	1 071
INKOMSTESTAAT*					
Inkomste					
Kredietverskaffing	120	80	78	87	118
Insetverskaffing	1 573	1 155	821	850	960
Marktoegang	5 902	4 273	2 662	2 849	2 307
Diverse bedrywe	39	40	31	38	53
Normale bedryfsaktiwiteite	7 634	5 548	3 592	3 824	3 438
Ander nie-toedeelbaar	6	6	30	10	12
Voortgesette bedrywe	7 640	5 554	3 622	3 834	3 450
Beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	-	24	426	523	1 114
Intersegmentverkope	-	-	(69)	(107)	(85)
Totale inkomste vir die jaar	7 640	5 578	3 979	4 250	4 479
Wins/(verlies)					
Kredietverskaffing	44	24	23	32	21
Insetverskaffing	83	42	(36)	(35)	(62)
Marktoegang	138	166	177	175	194
Diverse bedrywe	3	2	4	8	9
Normale bedryfsaktiwiteite	268	234	168	180	162
Korporatiewe- en nie-toedeelbare koste	(44)	(53)	(76)	(54)	(12)
Beleggingsinkomste	26	2	5	14	14
Voortgesette bedrywe	250	183	97	140	164
Beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	-	(1)	28	98	36
Wins voor belasting	250	182	125	238	200
Belasting	(75)	(55)	(18)	(43)	(32)
Wins vir die jaar	175	127	107	195	168
Minderheidsbelang	2	2	-	-	-
Finansieringskoste hierbo ingesluit	(126)	(83)	(62)	(84)	(135)
KONTANTVLOEISTAAT					
Netto kontantvloeit uit bedryfsaktiwiteite					
Kontantwinst	218	202	169	192	227
Dividende betaal	(103)	(24)	(29)	(12)	-
Beweging in bedryfskapitaal	(348)	(107)	10	(25)	(434)
Netto kontant gegenereer/(investeer) deur beleggingsaktiwiteite	-	(21)	56	92	231
Netto kontant gegenereer	(233)	50	206	247	24
Kontantvloeit uit finansieringsaktiwiteite	1	(1)	9	(1)	(2)
Netto kontantvloeit	(232)	49	215	246	22

* Vir die doeleindes van vergelyking is die segmentinkomste en -resultate van vorige tydperke hersaamgestel vir beëindigde bedrywe.

* Die 2004-syfers verteenwoordig die openingsaldo's vir die 2005-syfers en word herstateer om voorsiening te maak vir IFVS. IFVS is toegepas vanaf die 2004/2005 finansiële jaar.

	Defi- nisie	2008	2007	2006	2005	2004
GETAL GEWONE AANDELE ('m)						
Geweege gemiddelde getal uitgereik*		180,79	180,79	180,79	180,79	181,79
Getal uitgereik op jaareinde*		180,79	180,79	180,79	180,79	180,79
GEWONE AANDEELPRESTASIE						
Sent per aandeel						
Verdienste	1	95,7	69,1	59,2	107,9	92,4
Wesensverdienste	2	85,2	65,8	58,1	54,2	70,4
Netto batewaarde	3	465,2	426,5	377,8	344,0	314,7
Sluitingsmarkprys	4	525,0	400,0	250,0	165,0	80,0
Totale dividende vir die jaar	5	54,0	23,0	35,0	47,5	5,5
Finale dividend	6	14,0	17,0	15,0	5,5	5,5
Tussentydse dividend betaal	7	10,0	6,0	0,0	4,5	0,0
Spesiale dividend tussentyds betaal	8	30,0	0,0	20,0	37,5	0,0
Persent						
Prysboek verhouding	9	114	94	66	48	25
Dividendopbrengs op openingsmarkprys (normale dividende)	10	6,0	9,2	9,1	12,5	9,2
Dividendopbrengs op openingsmarkprys, insluitende spesiale dividende	11	13,5	9,2	21,2	59,4	9,2
Aantal keer						
Prysverdienste verhouding	12	5,5	5,8	4,2	1,5	0,9
Dividenddekking uit normale dividende	13	4,0	3,0	3,9	10,8	16,8
Dividenddekking, insluitende spesiale dividende	14	1,8	3,0	1,7	2,3	16,8
OPBRENGS (%)						
Opbrengs op openingsaldo van ekwiteit	15	22,4	18,3	17,2	34,3	45,2
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit	16	21,5	17,2	16,4	32,7	35,7
Opbrengs op totale bates – voortgesette bedrywe – VVRB	17	15,8	12,6	9,7	12,0	13,9
Bedryfswins uit voortgesette bedrywe as % van inkomste	18	4,6	4,8	4,3	5,5	8,3
Effektiewe belastingkoers	19	30	31	15	18	16
PRODUKTIEWEIT						
Bate omsetsnelheid (aantal keer)	20	3,4	3,0	2,3	2,1	2,0
Inkomste/ekwiteit (aantal keer)	21	9,1	7,2	5,8	6,8	7,9
Bedryfswins per werknemer (R'000)	22	168	137	73	82	112
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT						
Ekwiteit as % van netto bates	23	51	50	53	43	35
Ekwiteit as % van totale bates	24	35	36	42	33	26
Rentedekking (aantal keer)	25	3,2	3,5	3,0	3,1	2,4
Hefboomverhouding (%)	26	91	69	86	129	185
Nie-rentedraende laste as % van ekwiteit	27	87	75	52	69	90
Bedryfsverhouding	28	1,4	1,4	1,6	1,4	1,2
Vuurproefverhouding	29	0,9	0,9	0,9	1,1	0,7

* Senwes het sy Personeel Aandeel Trust in die 2005/2006 finansiële jaar ontbind. Ingevolge IFVS moet dié syfer vanaf 2004 teen ekwiteit aangesuiwer word asof die Trust voorheen gekonsolideer was.

DEFINISIES

- Verdienste per aandeel**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders gedeel deur die geweege gemiddelde getal uitgereikte aandele vir die jaar.
- Wesensverdienste per aandeel**
Verdienste per aandeel toeskryfbaar aan aandeelhouders, uitgesluit:
 - wins/(verlies) met verkoop en/of wins/(verlies) van beëindigde bedrywe,
 - wins/(verlies) met verkoop van vaste bates,
 - herstruktureringkoste,
 - wins/(verlies) met verkoop van beleggings,
 - wins/(verlies) met verkoop van filiale,
 - voorsiening vir waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting,
 - amortisasie van klandisiewaarde, gedeel deur die geweege gemiddelde getal uitgereikte aandele gedurende die jaar.
- Netto batewaarde per aandeel**
Kapitaal en reserwes, verminder met ontasbare bates, gedeel deur die getal uitgereikte aandele op jaareinde.
- Sluitingsmarkprys**
Verhandelingsprys van die laaste aandeel verhandelingstransaksie in die finansiële jaar.
- Totale dividende vir die jaar**
Totaal van normale en spesiale dividende vir die jaar gedeel deur die totale getal uitgereikte aandele op jaareinde.
- Finale dividend per aandeel**
Finale dividend voorgestel gedeel deur die totale getal uitgereikte aandele op jaareinde.
- Tussentydse dividend per aandeel**
Tussentydse dividend betaal gedeel deur die totale getal uitgereikte aandele op halfjaar.
- Spesiale dividend per aandeel**
Selfverklarend.
- Prysboek verhouding**
Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die netto batewaarde per aandeel.
- Dividendopbrengs op openingsmarkprys**
Totale normale dividend per aandeel gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.
- Dividendopbrengs op openingsmarkprys, insluitende spesiale dividende**
Totale normale dividend per aandeel, insluitende spesiale dividende, gedeel deur die openingsmarkprys per aandeel.
- Prysverdienste verhouding**
Sluitingsmarkprys per aandeel gedeel deur die verdienste per aandeel.
- Dividenddekking van normale dividende**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders gedeel deur die totale normale dividende.
- Dividenddekking, insluitende spesiale dividende**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders gedeel deur die totaal van normale en spesiale dividende vir die jaar.
- Opbrengs op beginsaldo van ekwiteit**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders uitgedruk as 'n % van die beginsaldo van kapitaal en reserwes.
- Opbrengs op gemiddelde ekwiteit**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders uitgedruk as 'n % van gemiddelde kapitaal en reserwes.

17. Opbrengs op totale bates – voortgesette bedrywe - EBIT

Wins voor finansieringskoste en belasting uit voortgesette bedrywe as 'n % van totale bates uitgesluit bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop.

18. Wins voor belasting uit voortgesette bedrywe as 'n % van inkomste

Wins voor belasting (aangesuiwer met beëindigde bedrywe) gedeel deur inkomste (aangesuiwer met beëindigde bedrywe).

19. Effektiewe belastingkoers

Werklike inkomstebelasting-uitgawe soos per finansiële jaar as 'n % van wins voor belasting.

20. Bate omsetsnelheid

Inkomste gedeel deur gemiddelde totale bates.

21. Inkomste/ekwiteit

Inkomste gedeel deur ekwiteit.

22. Bedryfswins per werknemer

Wins voor belasting uit voortgesette bedrywe, aangesuiwer met finansieringskoste en beleggingsinkomste items gedeel deur die totale getal personeel op jaareinde.

23. Ekwiteit van 'n % van netto bates

Kapitaal en reserwes uitgedruk as 'n % van totale bates min nie-rentedraende laste.

24. Ekwiteit as 'n % van totale bates

Kapitaal en reserwes uitgedruk as 'n % van totale bates.

25. Rentedekking

Bedryfswins uit voortgesette bedrywe, aangesuiwer met depresiasië en amortisasie (EBITDA) gedeel deur finansieringskoste.

26. Hefboomverhouding

Rentedraende laste, verminder met kontant, gedeel deur kapitaal en reserwes.

27. Nie-rentedraende laste as 'n % van ekwiteit

Nie-rentedraende laste en voorsienings gedeel deur ekwiteit.

28. Bedryfsverhouding

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

29. Vuurproefverhouding

Bedryfsbates min voorraad gedeel deur bedryfslaste.

Besigheidsoorsig

MARKTOEGANG

1. Die Marktoegang divisie is 'n belangrike rolspeler in die graanvoorsieningsbedryf in Suid-Afrika, wat via die volgende bedryfsstrukture besigheid doen:

- **GRAANVERKRYGING**
 - Markinligtingsdienste
 - Uitgebreide reeks graankontrakte
 - Graanprysingsmeganisme
- **GRAANHANTERING EN -OPBERGING**
 - Hantering en opberging van graan in 'n veilige en higiëniese omgewing
 - Voorbereiding van graan vir die mark deur middel van die gradering, droging en skoonmaak daarvan
- **GRAANBEMARKING**
 - Verskaf marktoegang vir grane deur middel van verskeie markinstrumente en prosesse
- **GRAANLOGISTIEK**
 - Logistieke- en vervoerdienste
- **GRAANFINANSIERING EN -ADMINISTRASIE**
 - Finansiering van graan
 - Administratiewe dienste vir rolspelers en graanafnemers



PIETER ESTERHUYSEN
HOOFBESTUURDER:
GRAAN

Marktoegang

- GRAANSILOBEDRYF
- GRAANBEMARKING
- GRAAN FINANSIES & ADMINISTRASIE

2. BELANGRIKE ONTWIKKELINGS

- Laer openingsoordragvoorraad weens afgeskaalde aanplantings twee jaar gelede, gevolg deur droogtetoestande verlede jaar
- Verlaagde graanontvangste het gelei tot laer benutting van silokapasiteit
- Beperkte geleenthede ten opsigte van graanvoorraadbestuur en -vermenging
- Buitengewoon lae sluitingsvoorraad oorgedra na die nuwe finansiële jaar, wat behoort te normaliseer weens die verwagte goeie oes
- Toename in alternatiewe opbergingsfasiliteite soos plaassilo's en silosakke, welke besigheidsmodel nie op die generering van inkomste uit opberging gefokus is nie
- Plaaslaai-aktiwiteite direk na punte van verbruik raak toenemend gewild
- Aggressiewe mededinging oor tradisionele mededingersgrense heen, deur middel van nuwe ontvangspunte en plaaslaai-aktiwiteite
- Senwes is die eerste kommersiële graansilobediener in Suidelike Afrika wat HACCP-akkreditering by alle silokomplekse verkry het en wat magtiging het in terme van voedselveiligheid, om grane uit te voer
- Internasionale graankommoditeitspryse het rekordhoogtes bereik weens die gebruik van graan vir etanolproduksie. Brent ru-olie het ook die hoogste vlakke ooit bereik. Nasionale graanpryse het

dieselfde tendens gevolg en rekord prysvlakke is aangeteken

- Verhoogde aanvraag na kapitaal en risiko's verbonde aan die kontraktering van graan, met gepaardgaande eise ten opsigte van rentebestuur
- Nie-tradisionele mededinging blyk duidelik uit alternatiewe opbergingsfasiliteite, insetversekeringskemas, kommersiële banke en 'n toename in alliansies
- Finansiering van graan verder af in die waardeketting raak toenemend belangrik as voorvereiste gestel deur graanafnemers
- Logistieke kapasiteit raak meer belangrik weens 'n skerp styging in plaaslaaivolumes. Brandstofpryse het 'n ernstige impak op hierdie aktiwiteit
- Tradisionele geografiese bedieningsgebiede van silo's in die graanmark verdwyn en rolspelers betree verskillende gebiede met verskillende besigheidsmodelle. Die mark raak gevolglik meer volwasse aangesien verskillende opsies beskikbaar is vir produsente
- Sekere risiko's en geleenthede word deur die regulerende omgewing geskep, met spesifieke verwysing na kompetisiewetgewing, FICA, voedselveiligheidswetgewing en die Wet op Padvervoer

3. BEREIKING VAN DOELWITTE

GRAANSILOBEDRYF

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Verhoog produkontwikkeling en waardetoewoeging	• Graanlaboratorium toegerus met nuutste tegnologie ten einde graankwaliteit vir opgraderingsdoeleindes te analiseer en te kwantifiseer. Identiteitspreservering (IP) van GM-vrye graan is 'n groter wordende fokusarea
• Verbeter kwaliteitanalise en graanbeheer op silovlak • Implementering van voedselveiligheids- en higiëneplan	• 10 van die allernuutste graderingsinstrumente is geïnstalleer • Senwes is die eerste graansilobediener in Suidelike Afrika wat HACCP-akkrediterasie by al sy silokomplekse bekom het
• Optimaliseer bestuur van gebergde graan	• Beperkte geleentheid vir waardetoewoeging (weens abnormale lae vlakke van gebergde graan) is benut
• Instandhouding van silo-infrastruktuur ten einde optimale bedryfseffektiviteit te bevorder	• Bedryf en instandhouding van silo's word effektief gedoen. 'n Geprioritiseerde bestedingsprogram is geïmplementeer ten einde effektiviteit te behou en kapasiteit te verhoog • 15 grootste silokomplekse is met kragopwekkers toegerus • Kragvoorsieningsaksieplan is geloods om druk gedurende die oesseisoen te verlig en om infrastruktuur te benut
• Effektiewe opleiding en ontwikkeling van personeel en leerlingskappe deur Senwes Silo Akademie	• Aangewese werknemers maak goeie voordeeling met opleiding • Verbeterde vaardighede word op operasionele vlak aangewend

GRAANBEMARKING

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Behou winsgewendheid ondanks tweede opeenvolgende onder-gemiddelde oes	• Inkomstebasis is beskerm deur innoverende bemarkingsaktiwiteite
• Ontwikkel 'n effektiewe strategie om die impak van alternatiewe opbergingsstrukture te verminder	• Slaag daarin om marktaandeel te behou deur innoverende produkte en sodoende die risiko te beperk
• Uitbreiding van die produkaanbod gemik op beide die produsent en die graanafnemerklantebasis	• Plaaslaaikomponent, wat op die "plaas-direk-na-die-koper" logistieke oplossing fokus, is aansienlik uitgebrei • Innoverende nuwe produkte, insluitend prysbestuursmodelle, logistieke oplossings en finansieringsprodukte, is ontwikkel vir die klantebasis
• Effektiewe bestuur van inherente markomgewingsrisiko's	• Risiko's met betrekking tot nie-voldoening van graankontrakte in 'n skerp stygende mark, is effektief bestuur • Die risiko van onvoldoende renteverhaling weens 'n skerp styging in Safex margever-eistes as gevolg van dramatiese prysverhogings, is effektief bestuur • Logistieke risiko's voortspruitend uit skerp brandstofprysstygings, is effektief bestuur
• Verbeter kommunikasie met klantebasis	• Prysinsigting aan klante versprei via die elektroniese media (SMS-boodskapstelsel) op 'n daaglikse basis • Senwes "Mobile" ('n aanlyn selfoon prysaanvraagdiens) is verder aan die klantebasis uitgerol • Twee reekse inligtingsvergaderings met betrekking tot die graanmarksituasie is gedurende April en Oktober in 30 dorpe regdeur die Senwes bedieningsgebied gehou • Markoorsig word weksdae om 13:00 op streeksradiostasie uitgesaai • Bedryfsinligting ook gekommunikeer aan klante by wyse van gereelde artikels in Senwes publikasies
• Opleiding	• Gekontraheerde diensverskaffers om opleiding aan relevante personeel te verskaf ten opsigte van die volgende onderwerpe: - Die basiese werking van graanmarkte en - Tegnieke analise

4. TOEKOMSVOORUITSIGTE

ALGEMEEN

- Vestig 'n Senwes voetspoor in die groter Suid-Afrika en Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)
- Verdere ontwikkeling van inligtingstelsels en tegnologiese platform
- Hersiening van die rol van die silo in die huidige besigheidsmodel
- Optimaliseer geleenthede geskep deur spesialiteitsprodukte
- 'n Normale tot bo-normale oes word verwag, wat voldoende graanvolumes vir hantering, opberging en verhandeling sal verseker

GRAANSILOBEDRYF

- Verhoogde aanvraag na spesialiteitsprodukte vereis alternatiewe oplossings vir die hantering en opberging daarvan
- Vestig addisionele opbergingsfasiliteite in Suid-Afrika en SAOG
- Ontwikkel innoverende tariefstrukture gebaseer op waardetoevoegende dienste
- Implementeer graandeurlugtingsfasiliteite
- Maak nuutste tegnologie van toepassing op die hersiening van besigheidsmodelle
- Verbeter diensvlakke en klanteverhoudings by bedryfseenhede

GRAANBEMARKING

- Fokus op behoud en uitbreiding van markaandeel met produsente wat hul graan by Senwes silo's lewer en opberg
- Brei markaandeel uit in die plaaslaaibemarking binne die tradisionele Senwes bedieningsgebied
- Verseker organisasie groei ten opsigte van die verkryging van graan op 'n nasionale basis deur die vestiging van 'n landswye verkrygingsnetwerk
- Ondersoek die moontlikheid van samewerking in bepaalde markte
- Brei markaandeel uit in die meuldeurmark
- Ontwikkel 'n model om graanafnemers te finansier, te midde van maatskaplike balansstaatuitdagings en sonder om abnormale risiko's aan te trek
- Ontwikkel verkrygingskapasiteit ten einde op 'n meer kompetende basis te kan tender
- Vestig logistieke kapasiteit om plaasopbergingsfasiliteite teen te werk en om meuldeurtransaksies effektief te kan benut
- Ontgin geleenthede in sub-Sahara Afrika
- Lok, behou en verskaf opleiding aan talentvolle entrepreneurs
- Ontwikkel stelsels ten einde vinnig te kan aanpas by transaksies in nie-tradisionele bedieningsgebiede
- Deurlopende en verskerpte fokus op die risiko's en aspekte van die besigheid wat 'n beduidende impak op die finansiële resultate het

INSETVERSKAFFING

1. Die Insetverskaffing divisie verleen aktiewe ondersteuning aan die produsent se landbou-onderneming via die volgende eenhede:

• KLEINHANDEL

- Verskaffing van boerderybenodigdhede (insette en algemene benodigdhede)
- Doen-dit-self, tuinbou- en besproeiingsprodukte
- Buitelewe produkte
- Brandstof en smeermiddels
- Verskaffing van kruidentersware in plattelandse gebiede (Village Grocer winkels)

• MEGANISASIE

- Nuwe John Deere toerusting
- Onderdele winkels
- Werkswinkeldienste
- Presisieboerdery
- Gebruikte boerderytoerusting

• DIREKTE INSETBEMARKING

- Bemaking van grootmaat boerderyinsette aan die kommersiële produsent

2. BELANGRIKE ONTWIKKELINGS

- Die huidige positiewe landbousiklus het die winsgewendheid van die strategiese besigheidseenhede ondersteun
- Vordering gemaak ten opsigte van klante- en werknemerslojaliteit
- Vordering is gemaak met SEB doelwitte ten opsigte van die werwing van voorheen benadeelde individue, sowel as voorkeurverkryging
- Groei in markaandeel ten opsigte van sleutel prestasie-areas
- "Village Grocer" winkels in plattelandse gebiede
- Deelname aan openbare sektor tenders
- Opgradering van handelswinkels
- Uitbreiding van brandstofbesigheid
- Ontwikkeling van besigheidsmodel vir plattelandse swart woonbuurte



FRANS DU PLESSIS
HOOFBESTUURDER:
HANDEL

Insetverskaffing

- KLEINHANDEL
- MEGANISASIE
- DIREKTE INSETTE

3. BEREIKING VAN DOELWITTE

KLEINHANDEL

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Optimale aanwending van bestaande infrastruktuur	• Groter diversifikasie en uitbreiding van produktreekse geïmplementeer • Verhoogde verkoopsvolumes en marktaandeel behaal • Verbeterde voorraadbestuursvermoë gevestig
• Toegang tot nuwe markte	• Eerste kruidenierswinkel met eie handelsmerk gevestig • Spesialisering van produkaanbod aan geselekteerde geografiese gebiede en klante
• Geografiese uitbreiding	• Aanvanklike infrastruktuur uitbreiding na nuwe markte het in die vorige jaar geskied. Verdere uitbreiding van die produktreekse en insetmiddele gekoppeld aan die meganisasie-aanbod het vanjaar plaasgevind

DIREKTE INSETBEMARKING

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Verhoogde marktaandeel	• Groei in marktaandeel in 'n uiters kompetende omgewing
• Geografiese uitbreiding	• Agentskapsooreenkomste in Mpumalanga en Gauteng gebiede ten opsigte van spesifieke nuwe produktlyne • Uitbreiding van bestaande bemarkingstruktuur in Noordwes, Noord-Kaap en Vrystaat gebied, buite Senwes se tradisionele bedieningsgebied

MEGANISASIE

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Volhoubare winsgewendheid	• Hersiene besigheidsmodel is suksesvol geïmplementeer
• Geografiese uitbreiding	• Marktaandeel gewen met John Deere produkte in die markgebiede wat gedurende die vorige jaar betree is • Uitbreiding van tegniese infrastruktuur en tegniese kapasiteit • Verdere uitbreiding van bemarkingstruktuur
• Verhoogde marktaandeel en klantetevredenheid	• Ongeag hoër volumes en nuwe toetreders tot die tradisionele mark, is marktaandeel behou • Onafhanklike evaluering bevestig aansienlike verhoging in klantetevredenheid
• Verbeterde tegniese ondersteuning	• Werwing van gekwalifiseerde tegnisië en vestiging van leerlingskappe • Deurlopende opleiding in samewerking met John Deere akademie

4. TOEKOMSVOORUITSIGTE

KLEINHANDEL

- Fokus op nuwe besigheidsontwikkeling en organisasie groei
- Verbeter klantetevredenheid
 - Optimaliseer voorraadvlakke en produktreekse
 - Opleiding ten opsigte van produkkennis
 - Vaardighedsontwikkeling

DIREKTE INSETBEMARKING

- Groei marktaandeel by wyse van verbeterde strategiese verskaffersverhoudings
- Verbeter klanteverhoudings deur die verskaffing van waardetoevoegende dienste
- Verdere uitbreiding van geografiese bedieningsgebied

MEGANISASIE

- Verseker volhoubare winsgewendheid
- Uitbreiding van geografiese gebied
- Groei in marktaandeel
- Strewe na uitmuntende klantediens
- Optimaliseer voorraadvlakke
- Verhoog kapasiteit ten opsigte van tegniese ondersteuning

KREDIETVERSKAFFING

1. As inbinder vir die besigheid van die Marktoegang- en Insetverskaffing divisie, vervul Kredietverskaffing 'n sleutelrol in die ondersteuning van hierdie divisies ten einde doelwitte te realiseer en strategieë suksesvol te implementeer. Die volgende produkte en dienste is beskikbaar:

- 'n Omvattende reeks kompeterende finansieringsprodukte vir die produsent
- Finansiering van graankopers soos die meulenaarsbedryf
- Markverwante dienste
- Behoorlike bestuur van klanteverhoudings op 'n persoonlike basis

2. BELANGRIKE ONTWIKKELINGS

- Finalisering van 'n hersiene besigheidsmodel, wat aangepas kan word vir verskillende gebiede en markte en derhalwe aanvaarbare opbrengs verseker
- Betekenisvolle groei in marktaandeel het plaasgevind
- Suksesvolle implementering van die vereistes van die Nasionale Kredietwet
- Hoë landbou-insetinflasie, wat impakkeer op risikobestuurpraktieke en risikoprofiel, is suksesvol bestuur
- Vinnige en effektiewe kredietevalueringsprosesse

3. BEREIKING VAN DOELWITTE

KREDIETVERSKAFFING

Doelwitte gestel	Prestasie teenoor gestelde doelwitte
• Betekenisvolle maar gesonde groei van finansieringsboek	• Die boek het met 49% gegroei
• Voorsiening vir slegte skuld van minder as 0,5% op krediet verskaf	• Doelwitte oorskry deur bestuur van klanteprofiel
• Geografiese uitbreiding na geselekteerde gebiede	• Groei in marktaandeel behaal
• Fokus op die bou van kapasiteit en hersiening van ons struktuur ten einde die groeistrategie te ondersteun	• Die nodige aanstellings is gemaak en strukturele veranderinge aangebring

4. TOEKOMSVOORUITSIGTE

- Verleen verdere momentum aan gefokusde geografiese uitbreiding na geselekteerde gebiede
- Optimaliseer finansieringsmodel vir graankopers en bewerkstellig betekenisvolle groei van die graanfinansieringsboek
- Positiewe landbousiklus sal na verwagting besigheidsgeleenthede verbeter
- Effektiewe bestuur van die impak van stygende insetkoste op die nuwe seisoen oesproduksie en gepaardgaande verhoging van die risikoprofiel



GERRIT VAN ZYL

ASSISTENT
HOOFBESTUURDER:
KREDIETVERSKAFFING

Kredietverskaffing

- SEISOENALE PRODUKSIEKREDIET
- MEGANISASIE FINANSIERING
- LANGTERMYN FINANSIERING
- MAANDREKENING VIR INSETMIDDELE
- GRAANKOPERS-FINANSIERING

Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsye 35 tot 92 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) opgestel. Die direkteure het ook alle ander inligting wat in hierdie jaarverslag ingesluit word, voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op 'n gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute, gerusstelling oor die betroubaarheid van die finansiële state te bied, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstellings en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat op 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die finansiële state is op die lopende saak grondslag opgestel. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie in die nabye toekoms 'n lopende saak sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, ramings en vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young Ing. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords, insluitende alle notules van vergaderings van die direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhoudersvergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit, geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy se finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2008, soos uiteengesit op bladsy 35 tot 92, is deur die Direksie goedgekeur.

JE GROBLER
VOORSITTER

20 Junie 2008

JJ DIRUE
BESTURENDE DIREKTEUR

SH ALBERTS
DIREKTEUR FINANSIES

Verklaring deur die Maatskappysekretaris

Die Maatskappysekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes, soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrasie kantoor van Maatskappye en Intellektuele Goedere (CIPRO) en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.

EM JOANT
MAATSKAPPYSEKRETARIS

20 Junie 2008

Verslag van die Onafhanklike Ouditeure

Aan die lede van

SENWES BEPERK

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Senwes Beperk geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat soos op 30 April 2008, die inkomtestaat, die staat van verandering in ekwiteit en die kontantvloei staat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 35 tot 92.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die Maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards*, en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKEID

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Audit behels die uitvoering van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Audit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

MENING

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand van die Maatskappy en die Groep op 30 April 2008 en van die Maatskappy en Groep se finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

Ernst & Young Inc.

GEREGISTREERDE OUDITEUR

23 Junie 2008
Johannesburg

Statutêre direkteursverslag

1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.
- 1.2 Skep van marktoegang vir landbouprodukte.

2. VERANDERING IN AARD VAN AKTIWITEITE

Geen wesenlike veranderings het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.

3. FILIALE EN ANDER FINANSIËLE BATES

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale, gesamentlike ondernemings en ander finansiële bates word in aantekeninge 3, 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.

4. RESULTATE

Die wins na belasting (insluitend minderheidsbelang) van die Groep vir die jaar onder oorsig het R175 miljoen beloop (2007 – R127 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Inkomste	7 640	5 578	7 596	5 539
Voortgesette bedrywe	7 640	5 554	7 596	5 515
Beeïndigde bedrywe	-	24	-	24
Bedryfswins – voortgesette bedrywe	350	264	343	256
Wins na belasting	175	127	172	122

Verwys na aantekening 1 van die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Voortgesette bedrywe se inkomste het toegeneem met 38% tot R7 640 miljoen weens die hoër omset teenoor die Insetverskaffing divisie, asook beide die volume toename in kommoditeite bemark en die drasties verhoogde kommoditeitspryse. As gevolg van hoër marktaandeel in direkte inset- en meganisasieverkope en die verhoogde aanplantings in die gebied, was die omset van die Insetverskaffing divisie 36% hoër.

'n Verhoging van R86 miljoen (33%) in bedryfswins van voortgesette bedrywe is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die toename in die Insetverskaffing divisie se groei.

Univision Financial Services, Hartswater Wynkelder en Senwes Saad het ook positiewe resultate getoon.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Totale bates	2 375	2 122	2 363	2 113
Totale rentedraende skuld	802	771	806	778

Finansiële state

REKENINGKUNDIGE BELEID

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die Senwes Groep se finansiële state word voorberei in ooreenstemming met en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS). Die finansiële state voldoen ook aan die toepaslike artikels van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 1973, soos gewysig. Die rekeningkundige beleid en aanbiedingsgrondslag is in ooreenstemming met vorige jare toegepas.

1.1 AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die finansiële state van die Senwes Groep en al sy filiale is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan IFVS. Die finansiële state word op die historiese-koste-grondslag opgestel, met uitsondering van afgeleide finansiële instrumente en beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van verskanste bates en laste word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die verskanste risiko's te weerspieël. Die finansiële state word in rand opgestel en alle waardes tot die naaste miljoen rand (R' 000 000) afgerond, tensy die teendeel aangedui word.

1.2 KONSOLIDASIEBELEID EN FILIALE

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleide uitgeoefen kan word om voordeel uit hulle aktiwiteite te trek of waarin die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Spesiale doel entiteite is entiteite waar die Groep die reg hou om beheer oor die entiteite uit te oefen en hulle word in die groep finansiële state gekonsolideer. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hulle resultate vir die periode in. In die geval van 'n verkryging of 'n verandering in belang gedurende die jaar, word die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer of tot die effektiewe datum waarop effektiewe beheer geëindig het. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteite in die Groep word uitgeskakel. Al die filiale het dieselfde finansiële jaareinde en rekeningkundige beleid as die houermaatskappy.

Enige voorsienings vir beleggingsafskrywings as gevolg van opgehoopde verliese wat in die entiteit ontstaan, word by konsolidasie teruggeskryf. Waar waardedalings plaasvind, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord. Belegging in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

1.3 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Gesamentlike ondernemings is sakeondernemings waarin die Groep, tesame met een of meer ander entiteite, 'n ekonomiese aktiwiteit beoefen wat aan gesamentlike beheer onderworpe is. Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die metode van proporsionele konsolidasie verantwoord. Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloestaat en staat van verandering in ekwiteit sluit die Groep se aandeel van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloeie van hierdie gesamentlik ondernemings op 'n lyn-vir-lyn-grondslag in.

Die toename in die totale bates is as gevolg van 'n groter investering in finansieringsdebiteure, agentskapgraandebiteure en graanvoorraad. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bladsy 16 gegee.

5. DIVIDENDE

Die Direksie stel voor dat 'n finale dividend van 14 sent per aandeel (2007 – 17 sent) verklaar word. 'n Tussentydse dividend van 10 sent (2007 – 6 sent) en 'n spesiale dividend van 30 sent per aandeel (2007 – nul sent) is in die jaar betaal. Alle aandeelhouders wat geregistreerde aandeelhouders is in die aandeleregister van 21 Augustus 2008, sal dividende ontvang wat op ongeveer 4 September 2008 uitbetaal sal word, na bekragtiging daarvan deur die aandeelhouders op die algemene jaarvergadering op 21 Augustus 2008.

6. DIREKTEURE EN SEKRETARIS

6.1 DIE NAME VAN DIE DIREKTEURE VERSKYN OP BLADSY 4 EN 5.

Die volgende bedankings en uitredes het geskied:

JD Shahim (2 Oktober 2007)
JP Botma (2 Oktober 2007)

Die volgende aanstellings het geskied:

JA Boggenpoel (14 April 2008)
AJ Kruger (2 Oktober 2007)

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word drie-jaarliks deur die Direksie aangewys na bekragtiging van die daaropvolgende algemene jaarvergadering. Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is tans mnre JPL Alberts, GNV Magashula en me JA Boggenpoel.

6.2 SEKRETARIS

EM Joynt

Geregistreerde adres – Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp.

6.3 OPENBARE AMPTENAAR

SH Alberts (Aangestel 15 Februarie 2005)

7. AANDELEKAPITAAL

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar onder oorsig plaasgevind nie.

8. TERUGKOOP VAN AANDELE

Geen aandele is teruggekoop nie (2007 – nul).

9. GEBEURE NA DIE BALANSSTAATDATUM

Geen.

10. SPESIALE BESLUIE

Geen spesiale besluite is by die vorige jaarvergadering geneem nie.

REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

1.4 ANDER BELEGGINGS

Alle beleggings word teen billike waarde erken, insluitend alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word. Na aanvanklike erkenning word beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word, volgens hulle billike waarde aangepas. Beleggings word andersins na aanvanklike erkenning gemeet teen geamortiseerde koste. Winste of verliese voortspruitend uit billikewaarde-aanpassings aan hierdie beleggings word direk in ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, word die opgehoopte wins of verlies wat voorheen in ekwiteit aangepas is, as deel van netto wins of verlies in die inkomstestaat ingesluit.

1.5 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou om oor meer as een tydperk ekonomiese voordeel daaruit te trek en word nie verkry om weer verkoop te word nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken. Daarna word dit met verwysing na die kosprys van die bate min opgehoopte depresiasië en waardedalings gemeet.

- Die koste van eiendom, aanleg en toerusting sluit die volgende in: koopprys insluitend invoerbelasting, nie-terugbetaalbare aankoopbelasting, min handelsafslag en kortings.
- Koste direk daaraan toeskryfbaar om die bate na die ligging en in die nodige toestand te bring om gebruik te word soos deur bestuur beoog.
- Eiendom-, aanleg- en toerustingitems met 'n kosprys van meer as R5 000 word gekapitaliseer, bates minder as R5 000 word teen inkomste afgeskryf.
- Wins en verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en in bedryfswins verantwoord. Wanneer 'n deel van 'n eiendom-, aanleg- en toerustingitem vervang word, word die vervangde deel nie erken nie, maar afgeskryf as instandhouding in gevalle waar dit deel vorm van die dag-tot-dag-diens van die bate. Nieteenstaande, sal 'n vervangende gedeelte wel as 'n bate erken word sodra die erkenningskriteria nagekom word.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting word oorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of verandering in omstandighede daarop dui dat die drawaardes nie meer verhaalbaar is uit verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasië word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaïement-grondslag teen die volgende koerse bereken:

	%
• Grond	-
• Geboue en verbeterings	2,5 - 2,85
• Masjinerie en toerusting	7,5 - 33,3
• Voertuie	20

Depresiasië begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik, selfs al is dit nog nie in gebruik geneem nie. Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n beduidende kosprys vergeleke met die totale kosprys van die item, word afsonderlik gedepresiasieer. Grond word nie gedepresiasieer nie omdat dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks geëvalueer. Die evaluasie ten opsigte van bruikbare leeftyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Evaluasies van bruikbare leeftyd en reswaarde kan 'n groter of kleiner depresiasië uitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, sal daar 'n verandering in raming van depresiasië wees.

1.6 VOORRAAD

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir herverkoop in die normale gang van sake om bates vir verkoop te lewer of vir gebruik in produksieprosesse of lewering van dienste. Ingesluit in voorraadkoste is die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit tot die huidige ligging en toestand daarvan te bring, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie by voorraadkoste ingesluit nie, maar erken as 'n uitgawe in die tydperk aangegaan.

Ingesluit in produksiekoste, is koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en direkte koste soos direkte lone en salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksieboekoste gegrond op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Die kosprys van voorraad word volgens die metode van geweegde gemiddelde koste bepaal, tensy dit as gevolg van die voorraad se kenmerke toepaslik is om 'n ander basis te gebruik. Voorraad se kosprys wat op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste bepaal word, is soos volg:

- Meganisasie heelwerktuie – Aankoopprys
- Eie graanakkommoditeite – Spesifieke kontrakprys/billike waarde
- Ander voorraad – Eerste in, eerste uit (EIEU)

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake min geraamde koste wat nodig is om die verkoop te beklink. Die koste van voorraad word gemeet op grond van hulle kenmerkende eienskappe, wat betref hulle aard en gebruik.

1.7 AGENTSAPSGRAANDEBITEURE

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings ten gunste van derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en wat by lewering van sodanige landbouprodukte deur die derde party aan hulle betaalbaar is. Dit sluit verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien in.

REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

1.8 UITGESTELDE BELASTING

Voorsiening vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoel-eindes ontstaan, word gemaak deur die heersende belastingkoers op die jaareinde toe te pas. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word met enige verandering in die inkomstebelastingkoers aangepas.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op waardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging. Uitgestelde belastingbates voortspruitend uit alle aftrekbare tydelike verskille word beperk tot die mate dat toekomstige belasbare inkomste waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Die drabedrag van uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum ge-evalueer en aangepas tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat toereikende belasbare wins beskikbaar sal wees om dit moontlik te maak dat 'n deel van of die hele uitgestelde belastingbate benut word nie. Nie-erkende uitgestelde belastingbates word op elke balansstaatdatum opnuut geraam en word erken in die mate dat dit waarskynlik geword het dat toekomstige belasbare inkomste dit moontlik sal maak om die uitgestelde belastingbate te verhaal.

1.9 VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN LANGTERMYN WERKNEMERSVOORDELE

1.9.1 Aftreeverpligting

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956, en die bates word apart deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die Maatskappy, deelnemende filiale asook personeel. Bydraes word in die inkomstestaat erken in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydrae fondse is, word enige onder-befondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal tot benede dié van die bydraes deur lede geabsorbeer by wyse van verlaagde voordele.

1.9.2 Na-aftrede-mediesesorgverpligting

Voorsiening vir toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste gemaak, gegrond op 'n jaarlikse onafhanklike aktuariële waardasie. Aktuariële winste en verliese word erken in die jaar waarin dit ontstaan. Op die balansstaatdatum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde aannames.

1.9.3 Aandeelgebaseerde betalingstransaksie

Winsdeling- en bonusbetalings wat nie binne twaalf maande na die jaareinde betaalbaar is nie, word as langtermyn werknemersvoordele getoon.

Sleutelpersoneel van die Groep ontvang vergoeding vir dienste gelewer in die vorm van aandeelgebaseerde vergoedingstransaksies as deel van 'n aandeel appresiasieskema (kontantvereffende aandeelgebaseerde transaksie).

Die koste vir die kontantgebaseerde transaksie word oorspronklik gemeet teen billike waarde vanaf die datum toegeval deur gebruik te maak van 'n ekonomiese vooruitskattingmodel. Die model neem die terme en voorwaardes soos in detail omskryf in aantekening 18 in ag. Die billike waarde word as uitgawe erken oor die periode tot en met vestiging van die aandeelwaardestygingsregte. Die verpligting word ook oor die tydperk tot en met vestiging, in verhouding tot die uitgawe voorsien. Die Groep evalueer die verpligting se billike waarde op elke verslagdoeningsdatum en ook op die datum van vereffening. Die verandering in billike waarde word erken in die inkomstestaat.

1.10 KORTTERMYN WERKNEMERSVOORDELE

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele ten opsigte van huidige personeel in en word teen inkomste gedebiteer in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van insentiewe bonusse wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiens verlofdae wat opgehoop is, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde, gegrond op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word teen inkomste in die inkomstestaat verreken.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van opgelope normale dertiende tjek bonusse omdat pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeel se normale gekose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is om die pos voor die werknemer se normale aftrede af te skaf of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

1.11 INKOMSTE ERKENNING

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, maar slegs in die mate dat invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde. Inkomste word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, getoon. Intergroepverkope word geëlimineer.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko's en vergoe-

REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

ding vir eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra word en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele van die transaksie na die onderneming sal vloei. Inkomste uit agentskapsgraandebiteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken na gelang dienste gelewer word. Inkomste uit dienste gelewer word erken deur die stadiums van voltooiing op die balansstaatdatum in ag te neem en/of indien die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word die inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

By graanverkoopstransaksies word prysrisiko blootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Indien die doelwit dus verskansing is, eerder as lewering aan Safex, word hierdie transaksies uit inkomste geëlimineer.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word uit inkomste geëlimineer omdat die aard daarvan ooreenstem met agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word as inkomste verantwoord.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstrik het.

1.12 FINANSIËLE BATES, -INSTRUMENTE EN BILLIKE WAARDE

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang of enige ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken indien 'n verpligting bestaan om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontraktuele verpligting is om kontant of enige ander finansiële bate of 'n finansiële instrument aan 'n ander entiteit oor te dra.

1.12.1 Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies

Finansiële bates binne die omvang van IAS 39 word geklassifiseer teen billike waarde, deur wins of verlies. Lenings en debiteure gehou-tot-verval en beskikbaar-vir-verkoop word soos toepaslik, as finansiële bates geklassifiseer. Aanvanklike erkenning word gedoen teen billike waarde. Die klassifikasie word bepaal tydens aanvanklike erkenning.

1.12.2 Gehou-tot-verval-beleggings

Gehou-tot-verval-beleggings is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings en vaste vervaldatums en 'n definitiewe voorneme en vermoë bestaan om dit tot vervaldatum te hou. Winste en verliese word erken in die inkomstestaat wanneer daar waardedaling daarop is of die belegging onderken word.

1.12.3 Lenings en debiteure

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare

betalings en word nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit word in bedryfsbates ingesluit. In die geval van vervaldatums langer as twaalf maande na die balansstaatdatum, word dit as nie-bedryfsbates geklassifiseer.

1.12.4 Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop is nie-afgeleide instrumente wat óf in hierdie kategorie aangewys word, óf nie in enige van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Na aanvanklike erkenning word finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop teen billike waarde erken, en winste en verliese word teen ekwiteit erken. Dit word by nie-bedryfsbates ingesluit tensy bestuur beoog om die belegging binne twaalf maande na die balansstaatdatum te verkoop, waarna wins en verlies met verkope teen die inkomstestaat erken sal word.

Finansiële bates word aanvanklik waardeer teen billike waarde plus transaksiekoste. Transaksiekoste ten opsigte van finansiële bates geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies word as 'n uitgawe hanteer. Transaksiekoste is inkrementele koste wat direk toeskryfbaar is aan die aankoop van die finansiële bate, dit wil sê koste wat nie aangegaan sou word indien die bate nie aangekoop was nie. Finansiële bates word onderken sodra die reg om kontantvloeit uit beleggings te ontvang, verval of oorgedra is en die Groep substansieel alle risiko en opbrengs van eienaarskap oorgedra het.

Kontant en kontantekwivalente word waardeer teen billike waarde met veranderinge in billike waarde wat in die inkomstestaat erken word.

1.13 AFGELEIDE FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die Groep gebruik afgeleide instrumente by die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik teen kosprys in die balansstaat erken (wat ook die billike waarde op daardie datum is) en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, is afhanklik van die aard van die item wat verskans word. Die Groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- 'n verskansing van die blootstelling aan veranderinge in die billike waarde van 'n erkende bate of las of 'n nie-erkende vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- 'n verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloeie wat toeskryfbaar is aan 'n bepaalde risiko wat geassosieer is met 'n erkende bate of las of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloeskans).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as billike waarde skanse kwalifiseer, en hoogs effektief is, word in die balansstaat verantwoord tesame met enige verandering in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat aan die verskansingsrisiko toeskryfbaar is en word dus effektief met mekaar verreken.

REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegewys is en as kontantvloeiëskanse kwalifiseer, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Die oneffektiewe gedeelte van 'n kontantvloeiëskans word in die inkomtestaat erken. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die wins of verlies wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, uit ekwiteit oorgeplaas en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae wat in ekwiteit uitgestel is na die inkomtestaat oorgeplaas en as inkomste of uitgawe geklassifiseer in dieselfde periode dat die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die inkomtestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IAS 39 kwalifiseer nie, word in die inkomtestaat erken. Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ekwiteit bestaan in ekwiteit behou en erken wanneer die vooruittransaksie finaal in die inkomtestaat erken word. Indien verwag word dat 'n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies waarvan verslag gedoen word, na die inkomtestaat oorgeplaas.

By die ontstaan van die transaksie dokumenteer die Groep die verhouding tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuurdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. As deel van hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings, aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegewys. Die Groep dokumenteer by ontstaan en op 'n deurlopende basis daarna, die verwantskap ten einde te bepaal of die afgeleide instrument wat in verskansingstransaksies gebruik word wel hoogs effektief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloei van die verskanste items te verreken.

Kommoditeitstermykontrakte

Die Groep tree op in verskeie oor-die-toonbank vooruit koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van kommoditeite. Alhoewel sekere kontrakte deur die fisiese lewering of aflewering in die normale besigheidsaktiwiteite gedek word, word die oor-die-toonbankkontrakte as 'n finansiële instrument geag. Dit word ingevolge IAS 39 teen billike waarde, waar die Groep 'n lang geskiedenis het van netto afhandeling (óf met die ander party, óf om in ander verrekeningskontrakte in te tree), te boek gestel.

Sodanige kontrakte word oorspronklik in die balansstaat teen kontrakprys erken en daarna teen billike waarde herwaardeer. Hierdie afgeleide instrumente verteenwoordig 'n effektiewe ekonomiese skans binne die Groep se risikobestuurbeleid, en kwalifiseer om erken te word volgens die spesifieke verskansingsrekeningkundige reëls van IAS 39. Veranderinge in die billike waarde van enige verskansingsinstrument wat nie kwalifiseer om verreken te word volgens IAS 39 nie, word in die inkomtestaat erken.

Verrekening

Indien 'n wetlike reg op verrekening vir erkende finansiële bates en laste bestaan en indien beoog word om die betrokke bates en laste gelyktydig of op 'n netto grondslag te vereffen, word die bedrae verreken. Finansiële instrumente waartoe die Groep 'n party is, word in aantekening 23 geopenbaar.

1.14 BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen heersende lokokoers op die transaksiedatums. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word teen heersende lokokoerse op finansiële jaareinde in Suid-Afrikaanse rand omgerek. Winste en verliese wat by vereffening of verhaling van sodanige transaksies ontstaan, word in die inkomtestaat erken.

1.15 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit kontant op hande en oortrokke banksaldo's in. Oortrokke banksaldo's word as bedryfslaste getoon. Vir die doeleindes van die kontantvloeiëstaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

1.16 BEDRYFSHURE

Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar wesenlik al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg op 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure, word op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak in die inkomtestaat erken. Toekomstige eskalasies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruitgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalasiekoers kontrakteel ooreengekom is.

1.17 HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Debiteure word teen 'n verwagte realiseerbare waarde getoon; dit is die oorspronklike faktuurbedrag geskep min enige voorsienings deur middel van waardedalings. 'n Waardedalingsvoorsiening word bereken indien bewyse bestaan dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloeië is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die finansiële bate soos by die erkenning van die bate bereken. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit plaasvind.

REKENINGKUNDIGE BELEID (VERVOLG)

1.18 WAARDEDALING VAN BATES

Alle kategorieë bates word by verslagdoening met die oog op waardedalings heroorweeg. (Sien aantekeninge 2, 3).

Bates

Op elke verslagdoeningsdatum oorweeg die Groep of enige aanduidings van 'n waardedaling van 'n bate bestaan. Indien so 'n aanduiding bestaan, maak die Groep 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate. Die verhaalbare bedrag van 'n bate of die kontant genererende eenheid, waarin dié bate en ander bates gebruik word, is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Indien die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word die waardedaling bepaal en die drabedrag tot die verhaalbare bedrag afgeskryf. Indien die gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer tot 'n huidige waarde deur middel van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in die inkomstestaat erken.

Indien 'n aanduiding bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit kleiner geword het, word 'n raming van die verhaalbare bedrag van die betrokke bate weer gemaak en indien nodig word die waardedaling tot die verhaalbare bedrag teruggeskryf. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hê dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees as 'n waardedaling nie voorheen ten opsigte van die bate aangebring was nie. Na so 'n terugskrywing word die depresiasië uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die aangepaste drabedrag van die bate, min die oorblywende waarde daarvan, stelselmatig oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

Bedrae ontvangbaar

'n Raming word op elke balansstaatdatum gemaak om te bepaal of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van 'n finansiële bate of groep finansiële bates plaasgevind het. Objektiewe bewys van waardedaling sluit in waarneembare gegewens wat in verband met die bate onder die aandag van die Groep kom as gevolg van die volgende potensiele verliesgebeurtenisse:

- finansiële agteruitgang; of
- kontrakbreuk, soos wanbetaling, agterstalligheid; of
- waarskynlikheid dat die lener met insolvensiestappe of ander finansiële re-organisasie sal begin; of
Vergoeding	(270)	(251)	(259)	(241)
Normale vergoeding en byvoordele	(226)	(219)	(215)	(209)
Insentiewe skemas	(44)	(32)	(44)	(32)
Pensioenkosse – omskrewende bydraepplan	(18)	(17)	(17)	(16)
	(288)	(268)	(276)	(257)
	Getal	Getal	Getal	Getal
Permanente personeel	1 837	1 770	1 751	1 692
Tydlike personeel	250	163	246	158
Personeel aan die einde van die jaar	2 087	1 933	1 997	1 850

* Herstatering ten einde verbeterde openbaarmaking te verseker.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
21.4 RENTE ONTVANG				
Rente ontvang uit finansieringsaktiwiteite	120	81	120	81

22. BELEGGINGSINKOMSTE

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Ongenoteerde beleggings				
Dividende	26	2	26	2
Rente ontvang – filiale	-	-	2	1
	26	2	28	3

23. FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR

Blootstelling aan wisselkoerse, rentekoerse en kredietrisiko ontstaan in die normale loop van besigheid.

Afgeleide instrumente word gebruik om blootstelling weens rentekoers- en wisselkoersskommelingen, kommoditeitsprysrisiko, ensovoorts, te verminder.

23.1 BUITELANDSE VALUTA RISIKO

Die Groep het minimale blootstelling aan fluktuasies in hoofsaaklik die rand/USD wisselkoers ten opsigte van invoere en uitvoere. Transaksies in buitelandse geldeenheide word hoofsaaklik aangegaan vir aankoop en verkoop van voorraaditems.

Valutatermynkонтракте word uitgeneem vir spesifieke transaksies om die fluktuasies in wisselkoers te verskans.

Op jaareinde was geen valutatermynkонтракте as verskansing teen verwagte betalings uitgeneem nie (2007 – nul).

Geen kontrakte is as verskansing teen verwagte kontantinvloei uitgeneem nie (2007 – nul).

23.2 KOMMODITEITSPRYSRISIKO

Die Groep gebruik afgeleide instrumente om blootstelling aan kommoditeitsprysrisiko te bestuur en te verskans. In ooreenstemming met die Groep se risikobestuurbeleid kan slegs minimale onverskanste markposisies te enige tyd bestaan. Die netto posisie in die waarde van beskikbare kommoditeite, die netto waarde van termynkontrakte en opsiekontrakte en die netto posisie van die waarde van voorseisoenskontrakte dui op effektiewe verskansing soos omskryf in IAS 39. Die totale waarde van die termynkontrakte word as sensitiewe inligting beskou en word dus nie openbaar nie.

Die verskansingsinstrumente wat gebruik word, bestaan uit termynkontrakte en opsiekontrakte. Die netto billike waarde van verskanste termynkontrakte ten opsigte van voorseisoenskontrakte op jaareinde was 'n blootstelling van R132,1 miljoen (2007 – R128,5 miljoen). Die netto herwaarderingsverskil van die instrumente wat vir verskansing gebruik word, word in ag geneem teenoor die waarde van kommoditeite en die billike waarde van voorseisoenskontrakte. Die waarde van kommoditeite op die balansstaat word dus as die markwaarde daarvan weerspieël en die termynkontrakte, opsiekontrakte en voorseisoenskontrakte word ook in die balansstaat teen billike waarde ingesluit.

Alle kontrakte verval binne elf maande. Op jaareinde het die ongedekte voorraad, gewaardeer teen sluitingspryse, R1,6 miljoen (2007 – R3,2 miljoen) bedra.

23.3 RENTEKOERSRISIKO

23.3.1 Wanbalans

Die Groep is grootliks verskans teen fluktuierende rentekoerse, aangesien rentedraende skuld hoofsaaklik vir bates wat rente verdien aangewend word.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

23. FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR (VERVOLG)

	Totale bedryfs-bates	Rente absorberende bates	Rente-verdiende bates
	R'm	R'm	R'm
RENTEKOERSRISIKO			
Voorraad	734	734	-
Debiteure	1 159	176	983
Agentskapsdebiteure	230	-	230
Bank	35	-	35
	2 158	910	1 248
Rentedraende laste			(761)
Rentekoers risiko			-

Rentekoste is natuurlik verskans in gevalle waar die renteverdiende bates die rentedraende laste oorskry. Rentekoerse word verskans in 'n hoë volatiele omgewing of waar die rentedraende laste die renteverdiende bates wesenslik oorskry.

23.3.2 Sensitiwiteit van rentekoerse

Die volgende toon die impak van rentekoersverhogings op die rentekostely:

	Verhoging/ (verlaging) in basis-punte	Verhoging/ (verlaging) op voorbelaste rente-uitgawe
	%	R'm
2008		
Kommoditeitsfinansiering		
	+ 2 %	- 4
	+ 1 %	- 2
	- 1 %	2
	- 2 %	4
Korttermyn finansiering		
	+ 2 %	- 19
	+ 1 %	- 10
	- 1 %	10
	- 2 %	19
2007		
Kommoditeitsfinansiering		
	+ 2 %	- 3
	+ 1 %	- 1
	- 1 %	1
	- 2 %	3
Korttermyn finansiering		
	+ 2 %	- 14
	+ 1 %	- 7
	- 1 %	7
	- 2 %	14

23.4 KREDIETRISIKO

23.4.1 Konsentrasierisiko

Die potensiele konsentrasie van kredietrisiko het hoofsaaklik betrekking op handelsdebiteure. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot aantal klante wat oor verskillende geografiese gebiede versprei is en krediet word toegestaan ingevolge die Groep se kredietbeleid. Kredietkeuringsprosesse word noukeurig gevolg.

Die kliëntebasis ten opsigte van geografiese area is wyd verspreid in hoofsaaklik die Vrystaat en Noordwes. Die konsentrasie op die grootte van rekenings is ook genoegsaam verspreid.

Verspreiding in grootte van rekenings:

STRATIFIKASIE VAN KLIËNTEBASIS IN GROOTTE VAN KREDIET TOEGESTAAN	% blootstelling
R1 – R 500 000	17%
R 500 000 – R 1 250 000	24%
R 1 250 000 – R 3 000 000	33%
R 3 000 000 – R 5 000 000	16%
Bo R 5 000 000	10%
	100%

23.4.2 Debiteureboek volgens risiko kategorisering

VERSPREIDING VAN DEBITEURE PER KATEGORIE	GROEP 2008			GROEP 2007		
	Handelsdebiteure	Kommoditeitsdebiteure	Totaal	Handelsdebiteure	Kommoditeitsdebiteure	Totaal
Kategorie 1	33%	-	30%	31%	-	27%
Kategorie 2	53%	-	47%	55%	-	49%
Kategorie 3	3%	-	3%	6%	-	6%
Kategorie 4	1%	-	1%	1%	-	1%
Ander	10%	100%	19%	7%	100%	17%
	100%	100%	100%	100%	100%	100%

Die verskillende kategorieë word as volg gedefinieer:

- Kategorie 1 kliënt: Die top klante in die mark met 'n uitstekende kredietgeskiedenis en 'n uitstekende balansstaat, finansiële posisie en terugbetaalvermoë.
- Kategorie 2 kliënt: Die boonste kwartiel klante (met uitsluiting van kategorie 1 klante) van die mark met 'n goeie kredietgeskiedenis en 'n gesonde balansstaat, finansiële posisie en terugbetaalvermoë.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

23. FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR (VERVOLG)

Kategorie 3 en 4 kliënt: Is 'n breë basis van kliënte wat van beginnerboere met relatief swakker balansstate, tot produsente wat in 'n oorlewingstyd betrokke is, insluit. Die beleid is streng met betrekking tot hierdie kategorie kliënte en krediet sal slegs verleen word onder omstandighede van hoë sekuriteitsposisie, spesifieke doelgemaakte lae risiko finansieringsprodukte en waar dit van mening is dat die kliënt wel die potensiaal het om te herstel na 'n sterker posisie.

23.5 LIKIDITEITSRISIKO

Die Groep monitor die likiditeitsrisiko by wyse van 'n kontantvloeï beplannings- en sekuriteitsmodel.

Die Groep neem die vervaldatum van sy onderskeie bates in ag en fundeer die bedrywighede deur 'n balans te verkry tussen die optimale finansiering meganisme te trou met sy onderskeie befondsingsprodukte wat insluit bankoortrekkings, korttermynlenings, kommoditeitsfinansiering en ander krediteure. Die onderskeie vervaldatums van skuld sien as volg daarna uit:

GROEP	Totaal	Verval binne 1 maand	Verval binne 1 - 2 maande	Verval binne 2 - 6 maande	Verval binne 6 - 12 maande	Verval binne 1 jaar en ouer
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Skuld – 2008						
Korttermynlenings	649	-	-	-	649	-
Kommoditeits-finansiering	112	112	-	-	-	-
Krediteure	568	348	181	6	16	17
Ander	124	-	54	10	12	48
	1 453	460	235	16	677	65
Skuld – 2007						
Korttermynlenings	735	-	-	-	735	-
Kommoditeits-finansiering	-	-	-	-	-	-
Krediteure	336	200	101	6	13	16
Ander	172	-	37	63	17	55
	1 243	200	138	69	765	71

23.6 RIGLYNE VIR KAPITAAL HANDHAWING

Die groep handhaaf sy eie kapitaalverhouding binne die volgende gestelde teikens:

23.6.1 Eie kapitaalverhouding (ekwiteit tot totale bates) tussen 30% - 40%

23.6.2 Eie kapitaal verhouding (ekwiteit tot totale bates verminder met rentevrye laste) tussen 40% - 50%

23.6.3 Eie kapitaal verhouding (ekwiteit tot totale bates verminder met kontant en rentevrye laste) tussen 40% - 55%

23.6.4 Rentedekking van hoër as 3 word gestel as 'n teiken.

	Eie kapitaal verhouding (totale bates)	Eie kapitaal verhouding (netto bates)	Eie kapitaal verhouding (netto bates – kontant)
	30% - 40%	40% - 50%	40% - 55%
HANDHAWING VAN KAPITAAL			
Totale bates	2 375	2 375	2 375
Rentevrye laste	-	635	635
Kontant	-	-	35
Netto bates	2 375	1 740	1 705
Ekwiteit	843	843	843
Laste	1 532	897	862
	2 375	1 740	1 705
Berekende koers	35%	48%	49%
Gestelde teiken	30% - 40%	40% - 50%	40% - 55%
			Rente-dekking
RENTEDEKKING			R'm
Wins voor rente, belasting, depresiasië en amortisasie (EBITDA)			401
Finansieringskoste			126
Berekende koers (keer)			3.18
Gestelde teiken			> 3

Die Direksie is van mening dat die optimale kapitaalstruktuur binne gestelde norme vestig en monitor en bestuur die balansstaat binne daardie norme.

23.7 NIE-NAKOMING VAN KONTRAKTE

Die Groep bestuur die risiko van nie-nakoming deur slegs met goedgekeurde en gekeurde verskaffers en produsente te kontrakteer. Vooruitkontrakte vir graanlewering is met produsente gesluit. Hierdie instrumente is ingesluit by die saldo soos getoon in aantekening 23.2. Indien die risiko wesenlik is of wesenlik verhoog, word dit by wyse van Safex opsiekontrakte bestuur.

23.8 BILLIKE WAARDE

Finansiële instrumente word getoon teen billike drawaarde.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

24. VERDIENSTE PER AANDEEL

'n Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 180 789 308 (2007 – 180 789 308) is gebruik in onderstaande berekenings. Die verdienste is bereken op wins toeskryfbaar aan aandeelhouders.

- 24.1 Verdienste per aandeel is bereken op wins van R173 miljoen (2007 – R125 miljoen) toeskryfbaar aan gewone aandele.
- 24.2 Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe is bereken op wins van R173 miljoen (2007 – R126 miljoen).
- 24.3 Wesensverdienste per aandeel is bereken op wins van R154 miljoen (2007 – R119 miljoen).
- 24.4 Rekonsiliasie tussen verdienste en wesensverdienste is as volg:

		GROEP	
	%	2008	2007
	verandering	R'm	R'm
Verdienste per finansiële state	+ 38,4 %	173	125
Aansuiwerings			
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		(19)	(6)
Wesensverdienste	+ 29,4 %	154	119
Verdienste per aandeel (sent)		95,7	69,1
Verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywe (sent)		95,7	69,7
Wesensverdienste per aandeel (sent)		85,2	65,8

Alle aansuiwerings word getoon nadat belasting daarteen verreken is.

25. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

- 25.1 Die Maatskappy word beduidend beïnvloed deur Senwesbel Bpk wat 35,5% besit sowel die Royal Bafokeng Konsortium wie 32,6% in die Maatskappy besit. Rente van R4 miljoen (2007 – R3,4 miljoen) is op leningsrekening van Senwesbel betaal.
- 25.2 Lenings aan filiale, geassosieerde en gesamentlike ondernemings word onderskeidelik in aantekeninge 3, 4 en 5 geopenbaar.
- 25.3 Geen wesenslike verkope aan geassosieerde entiteite het plaasgevind nie. 'n Bestuursfooi ooreenkoms met die filiaal Univision bestaan wat sekere operasionele en ander dienste reël sowel vergoeding vir die gebruik van sekere bates.
- 25.4 Daar is geen beduidende uitstaande saldo's met betrekking tot die verkoop van goedere en dienste gelewer nie.
- 25.5 Lenings aan uitvoerende direkteure – R nul.

25.6 HANDELSDEBITEURE – DIREKTEURE EN UITVOERENDE BESTUUR

Handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge en ander rekeninge waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse ten opsigte van lenings strook met maatskappybeleid.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008	2007	2008	2007
	R'm	R'm	R'm	R'm
Verwante partye – handelsdebiteure	9	9	9	9

25.7 DIREKTEURSVERGOEDING

	MAATSKAPPY	
	2008	2007
	R'm	R'm
Salarisse	(7)	(6)
Insentiewe bonusse	(10)	(5)
Uitvoerende direkteure	(17)	(11)
Nie-uitvoerende direkteure	(2)	(2)
Direkteursvergoeding	(19)	(13)

Die direkteure se vergoeding word nie, soos getoon in aantekening 21.3, in die werknemers-koste ingesluit nie.

25.8 ANDER SLEUTEL BESTUURSPERSONEEL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008	2007	2008	2007
	R'm	R'm	R'm	R'm
Salarisse	(19)	(14)	(18)	(13)
Insentiewe bonusse	(7)	(4)	(7)	(4)
	(26)	(18)	(25)	(17)
Getal sleutel bestuurspersoneel op jaareinde	18	18	16	17

Die vergoeding van hierdie personeel word, soos getoon in aantekening 21.3, in werknemers-koste ingesluit en die langtermyn gedeelte van insentiewe bonusse word uiteengesit in aantekening 18.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone met die gesag en verantwoordelikheid vir beplanning, bestuur en beheer van die entiteit se aktiwiteite, direk of indirek, insluitende enige direkteur (uitvoerend of nie) van daardie entiteit.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

25. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES (VERVOLG)

25.9 INLIGTING OOR DIREKTEURE SE DIENSTERMYNE

Nie-uitvoerende direkteure met 'n dienstermyn van korter as een jaar:

Direkteur	Ampstermyn verstryking	Posisie beklee
WH van Zyl	21 Augustus 2008	Nie-uitvoerende direkteur
JA Mostert	21 Augustus 2008	Nie-uitvoerende direkteur

Nie-uitvoerende direkteure met 'n dienstermyn van langer as een jaar:

Direkteur	Ampstermyn verstryking	Posisie beklee
J Mashike*	2009	Nie-uitvoerende direkteur
JDM Minnaar [#]	2009	Nie-uitvoerende direkteur
OME Poee*	2010	Nie-uitvoerende direkteur
JA Boggenpoel	2011	Nie-uitvoerende direkteur
JE Grober	2009**	Nie-uitvoerende direkteur
JAE Els	2009**	Nie-uitvoerende direkteur
AJ Kruger	2009**	Nie-uitvoerende direkteur

* Hierdie persone se alternatiewe direkteure se ampstermyne sal op dieselfde datum verstryk.

[#] Onderhewig aan die rotasiebepaling van die Statute.

** Twee uit die drie moet uitree welke wat in die toekoms bepaal sal word by wyse van lot.

Uitvoerende direkteure:

Direkteur	Dienskontrak verstrykingsdatum	Posisie beklee
JJ Dique	31 Julie 2011	Besturende Direkteur
F Strydom	†	Direkteur Bedryf
SH Alberts	†	Direkteur Finansies

† Geen dienskontrak tans in plek. Dienste word gelewer ooreenkomstig normale werknemer/ werkgewer termes. Heronderhandelinge sal geskied.

Belang van die direkteure in aandele van die Maatskappy

	MAATSKAPPY	
	2008 Getal aandele	2007 Getal aandele
<i>Direk</i>		
Nie-uitvoerende direkteure	619 638	1 014 246
Uitvoerende direkteure	406 657	1 395 272
<i>Indirek</i>		
Nie-uitvoerende direkteure	338 786	409 922
Uitvoerende direkteure	-	-
Verwante partye – Senwesbel		
<i>Direk</i>		
Nie-uitvoerende direkteure	11 091 192	6 573 309
Uitvoerende direkteure	125 768	-
<i>Indirek</i>		
Nie-uitvoerende direkteure	2 839 670	1 458 136
Uitvoerende direkteure	-	-
	15 421 711	10 850 885

26. REKONSILIASIE VAN WINS VOOR BELASTING MET KONTANT DEUR BEDRYWE VOORTGEBRING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Wins voor belasting	250	182	245	175
Aangesuiwer vir:	188	126	186	128
Depresiasie	24	23	24	23
Wins met verkoop van vaste bates	(19)	(6)	(18)	(6)
Beleggingsinkomste	(26)	(2)	(28)	(3)
Finansieringskoste	126	83	126	83
Toename in voorsienings en nie-kontantitems	83	28	82	31
Kontant deur bedrywe voortgebring	438	308	431	303

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

27. TOENAME IN BEDRYFSKAPITAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Toename/(afname) in voorraad	(96)	2	(96)	2
Toename/(afname) in debiteure	(385)	(141)	(384)	(140)
(Toename)/afname in agentskapsgraandebiteure	11	(116)	11	(116)
Toename in krediteure	122	148	120	140
Toename in bedryfskapitaal	(348)	(107)	(349)	(114)

28. BELASTING BETAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Belasting betaalbaar aan die begin van die tydperk	(63)	(21)	(61)	(21)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die begin van die tydperk	74	62	74	62
Bedrae teen die inkomstestaat gedebiteer	(75)	(55)	(73)	(53)
Uitgestelde belasting ontvangbaar aan die einde van die tydperk	(67)	(74)	(67)	(74)
Belasting betaalbaar aan die einde van die tydperk	11	63	11	61
Belasting betaal	(120)	(25)	(116)	(25)

29. DIVIDENDE BETAAL

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Bedrae betaalbaar aan die begin van die tydperk	-	-	-	-
Bedrae teen ekwiteit gedebiteer	(103)	(38)	(103)	(38)
Bedrae teen debiteure en leningsrekeninge gedebiteer	-	13	-	13
Bedrae betaalbaar aan die einde van die tydperk	-	1	-	1
Dividend betaal	(103)	(24)	(103)	(24)

30. AANKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Geboue en verbeterings	(11)	(1)	(11)	(1)
Aanleg en toerusting	(15)	(24)	(15)	(24)
Voertuie	(5)	(6)	(5)	(5)
Totale aankope van eiendom, aanleg en toerusting	(31)	(31)	(31)	(30)
	(31)	(31)	(31)	(30)
Aankope om bedryfskapasiteit te verhoog	(18)	(25)	(18)	(24)
Aankope om bedryfskapasiteit te handhaaf	(13)	(6)	(13)	(6)

31. OPBRENGS MET VERKOOP VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Drawaarde van bates verkoop	13	4	12	4
Wins met verkoop	19	6	18	6
Opbrengs met verkoop	32	10	30	10

32. LANGTERMYNLENINGS

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Lenings toename/(afname)	1	(1)	1	(1)

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE (VERVOLG)

33. KORTTERMYNLENINGS

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm	2007 R'm
Netto (toename)/afname in ander korttermynlenings	(5)	3	(3)	(4)
Netto (toename)/afname in kommersiële lenings	(26)	(170)	(26)	(170)
	(31)	(167)	(29)	(174)

34. ONBENUTTE FINANSIERINGSFASILITEITE

Die Groep het onbenutte finansieringsfasiliteite ten bedrae van R551 miljoen waarvan die volle bedrag onderhewig is aan sekuriteitstelling ten opsigte van voorraad en debiteure. Die Groep het ook beskikbare fondse ten opsigte van onbenutte kommoditeitsfinansiering en R55 miljoen ten opsigte van onbenutte oortrokke fasiliteite.

Korporatiewe beheer-verslag

VERBINTENIS TOT KORPORATIEWE BEHEER

Die Direksie van Senwes is verbind tot die beste beginsels van effektiewe en gesonde beheer en strew na die hoogste etiese standaarde en integriteit.

Goeie korporatiewe beheer en etiese gedrag word op alle vlakke van die besigheid onderskryf, wat deurlopende vertroue deur belanghebbendes tot gevolg het.

Die Direksie is tevrede dat Senwes alles prakties moontlik doen en steeds doen ten einde aan alle beste korporatiewe praktyke ten opsigte van alle wesenlike en praktiese aspekte te voldoen.

DIREKTEURE EN DIREKSIEKOMITEES

Die Direksie is verantwoordelik vir die totale en effektiewe beheer oor die Groep en bestaan uit 14 nie-uitvoerende, onafhanklike nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur en word jaarliks deur die Direksie verkies. Die rolle van die voorsitter en besturende direkteur is geskei.

Veranderinge aan die Direksie gedurende die jaar:

- Die uittrede van mnre Jan Botma en Jimmy Shahim op 2 Oktober 2007;
- Die aanstelling van mnr Dries Kruger op 2 Oktober 2007, sowel as die aanstelling van me Jesmane Boggendoel op 14 April 2008.

Ooreenkomstig die Statute van die Maatskappy, is die termyn van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna die vereiste is dat hulle volgens rotasie elke drie jaar uittree. Uittredende direkteure kan herkies word.

MAGTE EN VERANTWOORDELIKHED

Die samestelling van die Direksie maak voorsiening vir toepaslike en effektiewe besluitneming, wat verseker dat geen individu die proses onbehoorlik beïnvloed nie. Die Direksie se primêre verantwoordelikhede, gebaseer op ooreengekome wesenlikheidsvlakke, sluit die aandui van strategiese rigting, identifisering van sleutel risiko-areas, monitering van besluite en prestasie van uitvoerende direkteure en senior bestuur in, terwyl belangrike finansiële en nie-finansiële sake oorweeg word.

Die verantwoordelikhede van die Direksie word in detail in die Direksie Handves uiteengesit, soos deur die Direksie goedgekeur op 24 Junie 2004, en word gereeld hersien. Die handves maak ook voorsiening vir die inwin van onafhanklike professionele advies aan direkteure, vir koste van die Maatskappy, ten opsigte van alle sake met betrekking tot die Maatskappy.

Die magte van die Direksie word ooreenkomstig die Statute toegeken en die Direksie het derhalwe spesifieke magte vir homself gereserveer soos uiteengesit in 'n gewysigde weergawe van die delegasie van magte dokument.

LOPENDE SAAK

Die Direksie het die feite en aannames waarop hy steun ten einde te bepaal of die besigheid as lopende saak sal voortgaan vir die volgende finansiële jaar, oorweeg en geboekstaaf. Die belangrikste faktore en aannames waarop die Direksie sy gevolgtrekking baseer, is behoorlik gedokumenteer.

Bywoning van direksievergaderings en komiteevergaderings:

Gedurende die jaar onder oorsig is agt direksievergaderings gehou, wat hoë bywoning geniet het. Die besonderhede is soos volg:

Naam van direkteur	Direksie	Oudit-komitee	Risiko-komitee	Menslike Hulp-bronne-komitee	Standaard-komitee
Aantal vergaderings	8	3	4	3	4
Nie-uitvoerend:					
JE Grobler (Voorsitter)	7/8 [#]				4/4 [#]
JDM Minnaar (Ondervoorsitter)	7/8	3/3		3/3 [#]	4/4
JPL Alberts	6/8	3/3 [#]			
JP Botma (tot 2/10/2007)	3/3			1/1	
JA ELS	8/8			3/3	
AJ Kruger (vanaf 2/10/2007)	6/6	2/2			
GNV Magashula	3/8			2/3	
J Mashike	8/8		4/4		
JA Mostert	7/8	3/3	3/4		
JA Boggenpoel (vanaf 14/04/2008)	1/1				
M Poole	6/8			3/3	
JD Shahim (tot 2/10/2007)	3/3	1/1			
WH van Zyl	8/8		3/4 [#]		4/4
Uitvoerend:					
JJ Dique	8/8		4/4	3/3	4/4
SH Alberts	8/8		4/4		
F Strydom	7/8		4/4		

[#] - Voorsitter van direksie/komitee

In alle gevalle van afwesigheid is verskoning vooraf aangeteken.

BELANGE VAN DIREKSIELEDE

'n Aantal nie-uitvoerende direkteure het direkte en indirekte belange in die Maatskappy, waarvan die besonderhede hieronder geopenbaar word. Die Direksie is bedag op enige potensiële botsing van belange wat mag ontstaan, hoe gering ook al. 'n Beleid van gereelde openbaarmaking van belange en uitsluiting van besprekings waarby 'n direkteur 'n belang het, word gevolg ten einde enige sodanige botsings te voorkom.

Die Direksie het ook 'n gedragskode ten opsigte van die verhandeling van aandele in die Groep, wat die verhandeling van aandele deur direksielede en senior bestuur streng reguleer. Sekere geslote en oop periodes vir verhandeling is gedurende die jaar toegepas soos op die volgende bladsy aangedui.

Datum	Status	Rede
27 Junie 2007	Oop	Aankondiging van jaarresultate
7 September 2007	Gesluit	Vorbereiding en finalisering van oornamabod
21 September 2007	Oop	Aankondiging van bod
28 September 2008	Gesluit	Interim Finansiële State
5 Desember 2007	Oop	Aankondiging van Interim Finansiële Resultate
31 Januarie 2008	Gesluit	Vir Senwes uitvoerende direkteure en amptenare wat ondersteuning verleen vir Senwesbel korporatiewe aksie
29 Februarie 2008	Oop	Senwesbel korporatiewe aksie
31 Maart 2008	Gesluit	Vorbereiding van finansiële jaarverslag

Sekere direksielede doen ook op 'n armlengtegrondslag besigheid met die Maatskappy as deel van Senwes se normale besigheidsaktiwiteite. Die Kredietverskaffing divisie het ook krediet aan sekere nie-uitvoerende direkteure verleen, ooreenkomstig die Maatskappy se normale sakebedrywighede. Sodanige transaksies word deurlopend nagegaan en ondersoek ten einde te verseker dat daar op bedryfsvlak aan die Maatskappy se beleide voldoen word.

KOMITEES**FUNKSIES EN MANDATE**

Die Direksie word deur 'n aantal direksiekomitees ondersteun in die uitvoering van sy pligte. Elke komitee tree op ooreenkomstig met spesifieke mandate wat deur die Direksie verleen is.

ODITKOMITEE**Samestelling**

Die Ouditkomitee bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is, en wat die voorsitter insluit.

Mandaat en verantwoordelikhede

In terme van sy mandaat, word die volgende *inter alia* van die komitee vereis:

- Aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure;
- Evalueer die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure en oorweeg enige nie-uditdienste deur sodanige ouditeure. Oorweeg ook of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed;
- Die nagaan van die finansiële state van die Maatskappy en sy filiale, tussentyds en jaarliks;
- Verseker dat die finansiële state in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige beleide en Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde opgestel word;
- Hersien die rekeningkundige beleide en prosedures wat deur Senwes aanvaar is en enige wysigings daaraan;
- Aanvaar die jaarlikse auditplan en doen aanbevelings met betrekking tot die auditbegroting en -foeie aan die Direksie;
- Gaan die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse audit, die interne auditfunksie en die interne kontrolestelsel na;
- Verseker dat die rol van interne en eksterne oudit op 'n gepaste wyse uitgedraai en onderskei word; en

- Verseker voldoening aan toepaslike wetgewing.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die voorsitter van die komitee en lewer ook verslag oor die dag-tot-dag-aangeleenthede aan, onderskeidelik, die Direkteur Finansies en die Besturende Direkteur.

Die voorsitter van die komitee en die eksterne ouditeure woon die Algemene Jaarvergadering by om enige vrae oor die Maatskappy se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

Belangrike ontwikkelings

Gedurende die jaar onder oorsig:

- Is die samestelling van die komitee verander ten einde nakoming van die “Corporate Laws Amendment Act” te verseker. Die onafhanklike nie-uitvoerende lede is na twee vermeerder en die uitvoerende direkteure is nie meer lede nie. Dit word egter van uitvoerende direkteure verwag om alle vergaderings by te woon.
- Die Groep Interne Ouditeur het voorheen aan die Besturende Direkteur gerapporteer, maar rapporteer nou direk aan die Direkteur Finansies.

MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE

Samestelling

Die Menslike Hulpbronnekomitee bestaan uit vyf lede, naamlik vier nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur, te wete die Besturende Direkteur.

Die Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste en die Assistent Hoofbestuurder: Menslike Hulpbronne woon alle vergaderings by. Die komitee vergader minstens drie maal per jaar.

Mandaat

Die komitee is verantwoordelik vir die volgende:

- Goedkeuring en handhawing van toepaslike menslike hulpbronne- en vergoedingsbeleide;
- Opvolgbeplanning van uitvoerende bestuur;
- Monitering van die implementering van relevante arbeidswetgewing;
- Monitering van transformasiebeleide in terme van Gelyke Geleenthede;
- Aanbevelings met betrekking tot die vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure;
- Ontwerp en aanbeveling van markverwante en toepaslike aansporingskemas.

UITVOERENDE DIREKTEURE

Die dienskontrakte van die uitvoerende direkteure het gewoonlik 'n vaste termyn. Die dienskontrak van die Besturende Direkteur is hernu en verstryk in Junie 2011, terwyl dié van die ander uitvoerende direkteure tans heronderhandel word.

Direkteursvergoeding

Die komitee doen ook aanbevelings aan die Direksie met betrekking tot die vlak van nie-uitvoerende direkteursvergoeding. Nie-uitvoerende direkteure word vergoed vir lidmaatskap van die Direksie en aangewese komitees.

Die vergoedingsvlakke reflekteer die grootte en kompleksiteit van die Maatskappy, sowel as die tyd bestee aan die besigheid van die Maatskappy. Markpraktyke en vergoedingsopnames word in ag geneem tydens die bepaling van direkteursvergoeding. Die elemente van nie-uitvoerende direkteursvergoeding is:

- 'n Basiese fooi;
- 'n Fooi as lid van 'n direksiekomitee;
- Reis- en werklike koste.

Uitvoerende direkteure word op 'n soortgelyke wyse vergoed, met addisionele kort- en langtermyn insentiewe bonusse, gebaseer op die behaling van streng, voorafbepaalde jaarlikse doelwitte wat deur die Direksie oorweeg en goedgekeur is.

Vergoeding vir die jaar onder oorsig was:

	Totaal R	Vergoeding R	Reis & ander koste R	Komitees R
Nie-uitvoerende direkteure:				
JE Grobler (Voorsitter)	408 063	270 219	56 797	81 047
JDM Minnaar (Ondervoorsitter)	322 506	189 465	60 095	72 946
JPL Alberts	175 523	117 325	27 513	30 685
JP Botma (tot 2/10/2007)	53 247	44 832	3 185	5 230
JAE Els	166 845	113 844	36 771	16 230
AJ Kruger (vanaf 2/10/2007)	98 601	69 825	17 776	11 000
GNV Magashula	140 966	117 325	12 641	11 000
J Mashike* (Treacle)	193 928	136 575	30 663	26 690
JA Mostert	150 244	113 844	14 670	21 730
JA Boggenpoel (vanaf 14/04/2008)	16 563	9 975	6 588	-
M Pooe** (RBF)	166 845	113 844	36 771	16 230
JD Shahim (tot 2/10/2007)	59 305	44 832	4 013	10 460
WH van Zyl	182 504	113 844	23 764	44 896

	Totaal R	Vergoeding en reiskoste R	Korttermyn insentiewe R	Aandele appresiasie- skema*** R
Uitvoerende direkteure:				
JJ Dique	7 754 059	2 914 886	2 910 000	1 929 173
SH Alberts	4 110 535	1 712 485	1 340 183	1 057 867
F Strydom	5 180 655	1 832 873	2 222 068	1 125 714

* Vergoeding per faktuur betaal aan “Treacle Private Equity” – slegs reiskoste word aan direkteure betaal.

** Vergoeding per faktuur betaal aan “Royal Bafokeng Holdings”.

*** Vergoeding geskied oor 'n lang termyn, waarvan die eerste betaalbaar is teen 30 April 2009.

RISIKOKOMITEE

Samestelling

Die Risikokomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure. Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou.

Mandaat en verantwoordelikhede

Die komitee staan die Direksie by met die identifisering, beoordeling, evaluering, vermindering en monitering van werklike en potensiele risiko's soos dit op die Maatskappy betrekking het. Hierdie risiko's sluit kort-, medium- en langtermynrisiko's in.

Die komitee vervul 'n belangrike funksie deur te verseker dat die Direksie effektief aanspreeklikheid aanvaar vir risikobestuur. Dit speel 'n strategiese rol in die identifisering en bestuur van risiko's en aksieplanne om die risiko's wat die Groep in die gesig staar, pro-aktief aan te spreek.

Belangrike ontwikkelings

Die risikobestuurstruktuur rapporteer intern aan die Direkteur Finansies. Die pos van die Groep Risiko-bestuurder is vir die afgelope ses maande reeds vakant en alternatiewe maatreëls moes ingestel word.

STANDAARDEKOMITEE

Samestelling

Die Standaardekomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur. Die komitee het vier keer gedurende die jaar onder oorsig vergader.

Mandaat en verantwoordelikhede

Die komitee funksioneer op 'n soortgelyke wyse as 'n nominasiekomitee en is verantwoordelik vir aanbevelings met betrekking tot die grootte, samestelling en vaardighede van die Direksie en direksiekomitees.

Dit staan ook die Voorsitter by in sy taak om die prestasie van die Direksie as geheel, asook dié van individuele direksielede, te evalueer.

Nominasie van direksielede

Direkteure word verkies op grond van hul vaardighede en ondervinding, toepaslik tot die strategiese rigting van die Maatskappy en soos benodig om die goeie prestasie daarvan te verseker.

Formele en deursigtige prosedures bestaan vir die nominasie van onafhanklike en uitvoerende direksielede. Die Standaardekomitee maak aanbevelings aan die Direksie.

Belangrike ontwikkelings

Gedurende die jaar onder oorsig het die komitee 'n formele prestasie-evalueringsproses vir die Direksie as geheel en vir individuele direksielede aanbeveel. Die Direksie het die proses aanvaar, wat tans deur 'n onafhanklike fasiliteerder onderneem word.

Besonderhede van direkteursbelange in die Maatskappy en sy houermaatskappy soos op jaar-einde, is soos volg:

AANDEELHOUDING VAN DIREKTEURE OP 30 APRIL 2008

	2008				2007			
	Senwes		Senwesbel		Senwes		Senwesbel	
Naam van direkteur*	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nie-uitvoerend:								
JPL Alberts	-	0,00%	55 862	0,07%	-	0,00%	88 356	0,11%
JA E Els	1 345	0,00%	1 005 000	1,20%	25 045	0,01%	500 000	0,62%
JE Grobler	-	0,00%	3 949 794	4,70%	239 722	0,13%	2 023 667	2,49%
AJ Kruger	112 386	0,06%	74 294	0,09%	-	0,00%	-	0,00%
AJ Kruger** (Kingston Boerdery)	17 887	0,01%	327 941	0,39%	-	0,00%	-	0,00%
J Mashike** (Treacle Private Equity)	9 861	0,01%	-	0,00%	-	0,00%	-	0,00%
J Mashike** (Treacle Nominees)	161 038	0,09%	-	0,00%	101 990	0,06%	-	0,00%
JDM Minnaar	-	0,00%	1 600 000	1,90%	7 143	0,00%	1 042 947	1,29%
JDM Minnaar (Lerna Boerdery)	100 000	0,06%	1 600 000	1,90%	125 011	0,07%	1 000 000	1,23%
JDM Minnaar (Robyn Trust)	50 000	0,03%	911 729	1,08%	-	0,00%	230 000	0,28%
JA Mostert	5 907	0,00%	21 110	0,03%	5 907	0,00%	21 110	0,03%
WH van Zyl	500 000	0,28%	4 385 132	5,21%	600 000	0,33%	2 443 135	3,01%
Uitvoerend:								
JJ Dique	-	0,00%	31 442	0,04%	1 000 000	0,55%	-	0,00%
F Strydom	295 731	0,16%	62 884	0,07%	295 731	0,16%	-	0,00%
SH Alberts	110 926	0,06%	31 442	0,04%	99 541	0,06%	-	0,00%
Subtotaal vir Direksie (uitredendes uitgesluit)	1 365 081	0,75%	14 056 630	16,72%	2 500 090	1,38%	7 349 215	9,05%
Nie-uitvoerend uitgetree:								
JP Botma	43 848	0,02%	128 118	0,15%	136 429	0,08%	454 094	0,56%
Jan Botma Trust	43 848	0,02%	128 118	0,15%	17 969	0,01%	27 557	0,03%
JD Shahim (Maizefield Trust)	164 952	0,09%	200 579	0,24%	164 952	0,09%	200 579	0,25%
Subtotaal vir Direksie**	1 617 729	0,89%	14 513 445	17,26%	2 819 440	1,56%	8 031 445	9,90%
Oorblywende aandeelhouders	179 171 579	99,11%	69 576 621	82,27%	177 969 868	98,44%	73 090 197	90,10%
TOTAAL	180 789 308	100,00%	84 090 066	100,00%	180 789 308	100,00%	81 121 642	100,00%

* Direkteure met geen aandele, is nie in die tabel aangedui nie

** Totale aandele word aangetoon in verhouding met die direkteur se belang in die betrokke maatskappy

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Direksie word in die nakoming van sy voortgesette verantwoordelikhede en verpligtinge deur die Maatskappysekretaris bygestaan. Nuut aangestelde direkteure gaan deur 'n toepaslike induksieproses, aangebied deur die Maatskappysekretaris, wat voorligting oor hul pligte en verantwoordelikhede insluit. Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die Maatskappysekretaris, wat *inter alia* verantwoordelik is daarvoor dat direksieprosedures en toepaslike wetgewing ten volle nagekom word.

'n Formele oriënteringsprogram is gedurende die jaar ingestel en die Direksie het verskeie aktuele onderwerpe onder die loop geneem.

Die Maatskappysekretaris hou ook toesig oor voldoening aan toepaslike wetgewing regdeur die Groep. Die nakomingsstruktuur het gedurende die jaar uitgebrei en 'n nakomingskomitee is gevestig, wat uit senior bestuurslede vanuit die totale maatskappy bestaan. Die nodige gemoedsrus word op dié wyse gegee dat regulatoriese nakoming die aandag geniet wat dit in die hoogs geregleerde Suid-Afrikaanse besigheidsomgewing verdien.

Toegang tot inligting

Die Maatskappy voldoen aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2000 en die handleiding in die verband is op die Maatskappy se webwerf beskikbaar.

Lede het ook toegang tot die aandeleregister, notules van ledevergaderings en inligting oor botte en aanbiedings, soos op die webwerf gepubliseer. Enige navrae oor die Maatskappy kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.

UITVOERENDE KOMITEE

Samestelling en verantwoordelikhede

Die komitee bestaan uit die uitvoerende direkteure, terwyl die hoofde van die onderskeie afdelings alle vergaderings bywoon. Die komitee is primêr verantwoordelik vir die bedryfsaktiwiteite van die Maatskappy en vir die ontwikkeling van strategie- en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie. Die komitee is ook verantwoordelik vir die implementering van direksiebesluite.

Die komitee vergader weekliks op bedryfsvlak en maandeliks met senior bestuur.

Groep risikobestuursverslag

DIE NEEM VAN RISIKO, OP 'N TOEPASLIKE WYSE, is 'n integrale deel van die besigheid. Die sukses van die besigheid maak tot 'n groot mate staat op die optimalisering van die verhouding tussen risiko en opbrengs. In die normale gang van besigheid, is die Groep aan 'n verskeidenheid risiko's blootgestel, onder andere bedryfsrisiko's, finansiële risiko, kredietrisiko en markrisiko. Die langtermyn volhoubare groei, voortgesette sukses en reputasie van die Groep is krities belangrik en afhanklik van die kwaliteit van risikobestuur en goeie korporatiewe bestuur.

Risikobestuur is een van die Groep se kern bevoegdhede en die Direksie en bestuur is toegewyd tot die toepassing van beste praktyke en standaarde in hierdie verband.

Die Groep se risikofilosofie word ondersteun deur sy doelwit om waarde te skep vir die aandeelhouer, op 'n volhoubare basis, wat bely is met aandeelhoudersverwagtinge en die Groep se kapasiteit vir risiko neming en gevolglike aptyt vir risiko.

Die doelwit van die Groep is om te verseker dat 'n kwaliteit risikobestuurskultuur volhoubaar toegepas word deur alle bedrywighede. Die kultuur steun hoofsaaklik op die volgende elemente:

- Voldoening aan die kernwaardes van die Groep;
- 'n Geïntegreerde en holistiese risikobestuursbenadering ten einde optimale besigheidsbesluitneming te verseker;
- 'n Risikobewusmakingskultuur regdeur bestuur en die besigheidseenhede en voldoening aan risikobestuurstandaarde en risiko-perke;
- Pro-aktiewe risikobestuur deur toepaslike risikobestuurstrukture en risikobestuursmodel;
- Gedissiplineerde en effektiewe risikobestuursprosesse en kontroles;
- Voldoening aan die relevante statutêre, regulatoriese en toesighoudende vereistes.

Risikobestuur is fundamenteel tot die Groep se besigheid en stel bestuur in staat om meer effektief te funksioneer in 'n omgewing gekenmerk deur onsekerheid en risiko.

RISIKOBESTUURSBENADERING

- Alle beduidende risiko's word geïdentifiseer en op toepaslike wyse bestuur sodat opbrengs in lyn is met die risiko's wat geneem word, relatief tot die Groep se risiko-aptyt;
- Risikobestuur in die Groep word gerig deur verskeie belangrike beginsels, waarvan die volgende die mees relevante is:
 - Integriteit en betroubaarheid van die finansiële en bedryfsinligting wat intern en vir openbare rapportering gebruik word;
 - Bewaring en onderhoud van bates;
 - Waarneming en minimalisering van potensiële verlies, aanspreeklikheid, bedrog of wesenlike wanvoorstelling;
 - Voldoening aan toepaslike wetgewing, regulasies en beleide;
 - Doeltreffende en effektiewe bedrywighede;
 - Die toewysing van toepaslike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid;
 - Aanvaarding van 'n risikobestuursraamwerk wat risiko's op 'n geïntegreerde en holistiese wyse aanspreek;
 - Omvattende risiko-evaluering, -meting en -rapportering; en
 - Onafhanklike oorsig deur 'n risikokomitee.

VERANTWOORDELIKEID EN AANSPREKLIKHEID

Uitmuntende risikobestuur is gebaseer op ons kultuur van identifisering en bestuur van risiko's en die vestiging en handhawing van 'n effektiewe beheeromgewing as 'n integrale deel van sy aktiwiteite. Risikobestuursbeleide, risiko-apyt en toleransies word regdeur die Groep deur senior bestuur gevestig en deur die toepaslike risikokomitee van die Direksie in oënskyn geneem. Hierdie beleide, apyte en toleransies word in die Groep gekommunikeer en op die onderskeie afdelings en filiale van toepassing gemaak.

Die Direksie is verantwoordelik vir die stelling van die Groep se risiko-apyt op jaarlikse basis met inagneming van die toepaslike risiko en opbrengs. Die risiko-apyt word omgeskakel in risikoperke per afdeling of filiaal volgens die tipe risiko. Voldoening aan gemelde perke word gereeld gemonitor en kultureel in 'n risikoprofiel vir die Groep.

Die Direksie is verantwoordelik vir die Groep se interne finansiële- en bedryfskontroles. Ten einde hierdie verantwoordelikheid te kan nakom, moet die uitvoerende direkteure en senior bestuur verseker dat bestuur toepaslike rekeningkundige rekords handhaaf en deurlopend interne kontroles ontwikkel.

RISIKO-APTYT

Die basis waarop 'n toepaslike risiko-apyt vir die besigheid bepaal word, is die ekwiteit van die aandeelhouders en die relevante opbrengs wat hulle daarop verlang, in verhouding tot die risiko-apyt. Dit word dan deurgegee na die onderskeie afdelings. Opbrengs word primêr verlang op 'n langtermyn, volhoubare basis eerder as vinnige, eenmalige geleenthede. Dit sluit egter nie laasgenoemde uit van bedryfsbesluitneming nie, solank dit binne die bestek van die risiko-apyt val.

'n Toepaslike waarde op risiko-model is ontwikkel, in verhouding tot die ekwiteit van die aandeelhouders, wat gereeld gemonitor word. Dit word ten opsigte van alle hoof besigheidseenhede toegepas. Geen enkele aktiwiteit of besigheidseenheid sal meer as 50% van die aandeelhouders se belange op risiko plaas in terme van die model nie.

JAAR ONDER OORSIG

Die volgende was van die belangrike risiko's wat geïdentifiseer en bestuur is:

FINANSIËLE RISIKO'S

Teenpartyrisiko

Senwes het tradisioneel die grootste gedeelte van sy eksterne bedryfskapitaalfinansieringsbehoefes by die Land Bank geplaas. Die situasie het ongelukkig onhoudbaar geword en gelei tot onaantwoordbare teenparty- en gevolglike likiditeitsrisiko. Finansiering is derhalwe na kommersiële banke en alternatiewe finansieringsprodukte geskuif ten einde hierdie risiko te verlaag.

Rentekoersrisiko

Die rentekoersrisiko behels 'n verlaging in netto verdienste weens die beweging van rentekoerse. Die balansstaat van die Groep is tot 'n groot mate natuurlik verskans teen hierdie risiko, aangesien die meeste van die items op die balansstaat beide inkomste en koste genereer wat rentekoersverwant is. Die besluit om rentekoerse vir die oorblywende gedeelte van die balansstaat te verskans of om

onverskans te bly, word gereeld hersien ten einde te verseker dat hierdie risiko effektief bestuur word.

KREDIETRISIKO'S

- Die nodige prosesse is in plek om kredietrisiko te meet, te monitor, te beheer en daarvoor te rapporteer.
- Die mees beduidende risiko vir Senwes is teenpartyrisiko en streng kredietverleningsbeleide word derhalwe toegepas wanneer krediet verleen word. Behoorlike sekuriteit, die balansstaat van die teenparty, terugbetaalvermoë en langtermyn gemiddelde opbrengs van boerdery-eenhede is uiters belangrike faktore wat 'n rol speel in die vermindering van risiko.
- Die impak van interne en eksterne faktore op transaksies en posisies word gereeld gemonitor ten einde te verseker dat daar tydig hierop gereageer word en ten einde effektiewe bestuur daarvan te verseker.

BEDRYFSRISIKO'S

Nie-nakoming van kontrakte

Die feit dat Senwes met beide produsent en koper kontrakteer, skep 'n risiko wanneer heersende omstandighede onvermoë tot gevolg het, of die versoeking laat om nie aan kontraktuele verpligtinge te voldoen nie. Hierdie omstandighede kan die gevolg wees van droogte of beduidende prysbeweging. Behoorlike teenparty evaluering en akkreditasie sowel as die monitering van die vloei van die oes, speel 'n belangrike rol in die bestuur van hierdie risiko. Daarbenewens verminder volumebeperkings per teenparty die risiko in hierdie verband. Marktoestande wat tot nie-nakoming van kontrakte kan lei, word streng gemonitor en strategieë om hierdie risiko op die Safex-mark te verskans, word toegepas wanneer nodig geag.

Toegang tot graan

Die risiko dat Senwes nie volumes graan binne sy geografiese basis waarin hy besigheid bedryf kan handhaaf en/of vermeerder nie, en die gepaardgaande impak op sy graaninkomstestroom, kan beduidend wees. Verminderde toegang tot graanbronne kan die gevolg van 'n aantal oorsake wees, soos byvoorbeeld:

- Afsgekaalde aanplantings – modelle is ontwikkel en word bestuur ten einde die impak van beduidende afsgekaalde aanplantings as enkel seisoengebeurtenis, te verminder.
- Alternatiewe opbergingstrukture – alternatiewe opbergingstrukture word aangespreek deur innoverende marktransaksies en die handhawing van noue verwantskappe met produsente. Die verskille tussen produkaanbiedinge en waarde-aanbod word ook beklemtoon in die markplek. Logistieke oplossings en finansiering van graangebruikers is verdere risikoverlagende maatreëls.
- Droogtes – modelle is ontwikkel en finansiële instrumente word gebruik om die impak van droogtes te bestuur en te verminder.
- Onbehoorlike bestuur van transformasie en grondhervorming kan 'n beduidende impak op produksie hê. Lewensvatbare opsies en die implementering van sodanige opsies ten opsigte van die noodsaaklikheid van SEB, word ondersoek in samewerking met alle toepaslike staatsdepartemente.

Gebrekkige ooreenkomste

Verliese kan gely word as gevolg van foutiewe en/of gebrekkige ouer, bestaande kontrakte wat sonder die nodige regsadvies opgestel is. Ten einde Senwes teen hierdie risiko te beskerm, word tydig advies deur regskundiges binne die afdeling Sekretariaat gelewer. Prosedures ten opsigte van die opstel en hersiening van kontrakte verseker dat die intensie van die partye behoorlik vasgelê is in sodanige kontrakte. Implementeringsrisiko word verminder deur monitoring op 'n projekbasis, ten einde te verseker dat alle nodige stappe uitgevoer is.

Menslike kapitaal – skaarsheid en behoud van talent

Toegang tot en behoud van uitstaande personeel is een van die hoekstene van goeie prestasie. Suid-Afrika voer tans 'n stryd teen skaarsheid van talent weens verskeie redes. Daarbenewens het Senwes self 'n relatiewe jong talentprofiel, wat op sigself probleme veroorsaak ten opsigte van die behoud van talent, weens die beweeglikheid daarvan. 'n Bydraende faktor is die feit dat Senwes hoofsaaklik in plattelandse gebiede geleë is, terwyl baie jong mense eerder in die groter metropole wil bly, waar daar meer loopbaanvoorsigte is. Ten einde hierdie risiko te verminder en as deel van 'n omvattende strategie ten opsigte van die behoud van talent, is toepaslike vergoeding- en insentiefskemas geïmplementeer en word voldoende geleenthede vir groei gebied deur opleiding. Opvolgbeplanning en -identifisering geniet ook voldoende aandag.

Kragonderbrekings

Suid-Afrika ervaar sedert Januarie ernstige kragtekorte en -onderbrekings. Ten einde hierdie risiko te verminder, het Senwes in alternatiewe kragvoorsieningseenhede belê by kritiese bedryfspunte en administratiewe areas, soos sekere silo's vir graanlewering, sekere handelswinkels en Hoofkantoor. Gemelde eenhede sal volgens 'n beheerde program gedurende die laaste ses maande van 2008 geïnstalleer word.

MARKRISIKO'S Graanmarkrisiko's

• Verhandelingsrisiko

Markrisiko met betrekking tot verhandeling hou verband met die potensiele verliese in die verhandelingsportefeuje weens markfluktuasies soos rentekoerse, gaping tussen huidige en toekomstige kommoditeitspryse, volatiliteit van hierdie markte en veranderinge in marklikiditeit. Risikoperke word gestel, waarbinne verhandeling binne die risiko-aptit van die Groep bestuur word.

• Onverskanste kommoditeitsposisies

Posisies wat nie op Safex verskans is nie, laat Senwes met 'n blootstelling ten opsigte van prysbeweging. Hierdie risiko word vererger tydens periodes van lae marklikiditeit. Senwes pas 'n baie streng beleid toe in die verband en perke word op baie lae vlakke gestel ten opsigte van oop posisies, ongeag of dit spekulatief of operasioneel van aard is. Die status van oop posisies word daaglik gemonitor en aan die betrokke senior bestuurslede gerapporteer.

Volhoubaarheidverslag

DIE VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG BIED 'N BREEË oorsig oor die beleide, strategieë, programme en prestasies van die Groep ten opsigte van ekonomiese, sosiale en omgewingsaktiwiteite. Terwyl die verslag uitsonderlike prestasie in sekere areas uittig, dui dit ook op sekere areas waar verbetering sal moet plaasvind en wat gefokusde en toegewyde pogings in die komende jaar sal verg.

In sy deurlopende strewe na verbeterde verslagdoening en deursigtigheid, het Senwes die GRI-riglyne aanvaar. Hierdie verslag is opgestel deur gebruik te maak van die G3 GRI-riglyne as breë verslagdoeningsraamwerk.

VERBINTENIS TOT ONS BELANGHEBBENDES

As maatskappy wat daarna strewe om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te wees, fokus Senwes op waardeskepping vir al sy belanghebbendes ooreenkomstig hul behoeftes en verwagtinge:

Belanghebbendes	Prestasiedoelwit
• Aandeelhouders	• Volhoubare hoë opbrengste en waardeskepping, in ooreenstemming met risiko.
• Klante	• Voorkeurverskaffer wat die behoeftes van die klant in terme van produkte, diens, kwaliteit, verhoudings en leweringsmeganisme verstaan en bevredig.
• Werknemers	• Voorkeurwerkgever wat 'n bemagtigende, ondersteunende omgewing bied, waar diversiteit aanvaar word en waar werknemers ontwikkel en toepaslik aangewend word, erkenning ontvang en diensooreenkomstig vergoed word.
• Verskaffers	• Voorkeurvennoot vir marktoegang.
• Gemeenskap	• 'n Besorgde korporatiewe burger wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap lewer.
• Reguleerders en Regering	• 'n Wetsgehoorsame, lojale en verantwoordelike korporatiewe burger wat 'n bydrae tot die transformasie van die landbousektor en die nasionale en plaaslike ekonomie lewer.

PRESTASIEHOOGTEPUNTE – 2007/08

- Volhoubare hoë opbrengste wat die risikoprofiel oorskry, is aan aandeelhouders gelewer.
- Verhoogde profiel as voorkeurverskaffer, soos gedemonstreer deur die groei in marktaandeel.
- Beduidende verbetering in opname met betrekking tot voorkeurwerkgever, met spesifieke verwysing na:
 - Verbeterde vergoedingsvoordele en aansporingsmeganismes
 - Beduidende vermindering van die aantal beserings aan diens en die aantal verlore werksdae weens beserings
 - Handhawing van gesonde arbeidsbetrekkinge, met geen verlore werksdae weens industriële aksies nie
 - Verhoogde bewustheid en toepassing van menseregte in die werksplek
 - Verhoging in vaardigheidsontwikkeling en opleiding
- Hoë standaarde ten opsigte van voedselveiligheid is gehandhaaf, ooreenkomstig met HACCP-standaarde
- Implementering van nuwe inisiatiewe gemik op die vermindering van energie- en waterverbruik

VOLHOUBARE DOELWITTE – 2008/09

- Finaliseer 'n geïntegreerde volhoubaarheidstrategie en implementeringsprioriteite
- Ontwikkel 'n volhoubare inligtingsbestuurstelsel
- Vestig 'n raamwerk vir die bestuur en beheer van strategie
- Die ontwikkeling en uitrol van 'n volhoubare bestuurskommunikasie-strategie
- Die versterking van volhoubaarheid en gebalanseerde telkastrapporterings- en markvergelykings-prosesse regdeur die Groep
- Onderneem opleidings- en bewustheidsprogramme met betrekking tot volhoubaarheid regdeur die Groep
- Finaliseer die implementering van inisiatiewe met betrekking tot die besparing van energie en water, sowel as die minimalisering van afval

EKONOMIESE IMPAK


STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE

	2008	2007
Waarde geskep/toegevoeg	R'm	R'm
Inkomste	7 640	5 578
Beleggingsaktiwiteite (rente en dividende ontvang)	26	2
Bedrag betaal aan verskaffers van goedere en dienste	(6 844)	(4 955)
	822	625


Waarde verdeel/benut		%		%
Salarisse, lone en voordele van werknemers en direkteure	308	38	283	45
- Salarisse, lone en voordele	254	31	244	39
- Insentiewe skemas	54	7	39	6
Owerhede en belasting	85	10	71	12
Finansieringskoste	126	15	83	13
Beskikbaar vir aandeelhouers	303	37	188	30
- Behou vir uitbreiding en groei	175	21	127	20
- Dividende betaal	103	13	38	6
- Voorsiening vir die vervanging van bates	25	3	23	4
	822	100	625	100

Verdeling van waarde geskep

Waardeverdeling 2008 – R822 miljoen



Waardeverdeling 2007 – R625 miljoen



Aandeelhouers Personeel Eksterne finansiers Belasting

SOSIALE IMPAK

PRODUKVERANTWOORDELIKHEID

- Al 69 Senwes silo's het 'n HACCP- ("Hazard Analysis and Critical Control Points") oudit deurloop en is dienooreenkomstig gesertifiseer
- Alle silo's is ook deur PPECB ("Perishable Products Export Control Board") geoudit en is deur die Departement van Landbou as Voedselbesigheidsoperateurs gesertifiseer

ARBEIDSPRAKTYKE EN ARBEIDSBETREKINGE

- Senwes werknemers geniet die reg tot vryheid van assosiasie en drie erkende vakbonde bedryf aktiwiteite binne die Maatskappy
- 36% van al ons permanente werknemers is geaffilieer by 'n vakbond
- Geen arbeidsonrus of stakings is gedurende die finansiële jaar gerapporteer nie
- Geen handels- of werksdae is weens industriële aksie verloor nie
- Kollektiewe bedingingsprosesse is effektief benut ten einde die gladde verloop van onderhandelinge en die spoedige aangaan van loonverhogingsooreenkomste te verseker
- Alle dispute is in der minne geskik, intern óf in die Bedingingsraad

KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING

- Senwes Spinners Krieketprogram**
 - Doel: om krieket in die plattelandse skole in die Senwes gebied bekend te stel
 - Vennote: Program gevestig in samewerking met Noordwes Krieket Assosiasie en die Departement van Onderwys
 - Termyn en gereeldheid: dit is vir die derde opvolgende jaar suksesvol bedryf
 - Teikengroep: program is uitgebrei om addisionele plattelandse skole in die bedieningsgebied in te sluit
 - Deelname: 16 skole het aan die program deelgeneem
 - Impak: 120 spelers het afritging ontvang en 20 onderwysers is as afritgters opgelei, wat beteken dat 400 spelers en 40 onderwysers oor 'n driejaar-periode opgelei is
- Senwes Entrepreneurskompetisie**
 - Doel: Om die gees van entrepreneurskap te bevorder en basiese entrepreneursvaardighede te ontwikkel
 - Vennote: Fakulteit Besigheidswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat
 - Tydperk en gereeldheid: tweede opvolgende jaar
 - Teikengroep: skoolgaande kinders van primêre en sekondêre skole
 - Deelname: 75 skole het deelgeneem en 925 besigheidsplanne is ontvang
 - Impak: Besigheidsplanne geniet aandag en word deur die Universiteit van die Vrystaat geëvalueer. Deelnemers word aan alle vlakke van besigheid en entrepreneurskap blootgestel. Beide individuele wenners en skole ontvang prysgeld. Individue ontvang ook beurse
- Dreamfields Sokkerprojek**
 - Doel: verdere sportontwikkeling – spesifiek sokker – met die oog op die wêreldbeker
 - Vennote: Matlosana Munisipaliteit
 - Termyn en gereeldheid: eerste jaar
 - Teikengroep: primêre skole wat aan die Dreamfields sokkertoernooi deelgeneem het
 - Deelname: ses spanne is geborg met sportsakke, bestaande uit 'n volledige sokkeruitrusting vir 15 spelers, sowel as 'n uitrusting vir die afritger
 - Impak: 'n Senwes geborgde span het die finaal gewen en was die toernooikampioene

• Senwes Handel Gholfdag

- Doel: gholfdag met opbrengs vir liefdadigheid
- Vennote: gereelde verskaffers van Senwes
- Termyn en gereeldheid: sewende opvolgende jaar
- Teikengroep: verskeie liefdadigheidsorganisasies
- Deelname: 120 deelnemers
- Impak: 'n bedrag van R86 000 is ingesamel. Die volgende projekte het voordeel getrek uit die gholfdag:
 - ▼ Huis Maranata
 - ▼ Evana Tehuis
 - ▼ Bultfontein Sorgsentrum
 - ▼ Janie Schneider Skool

• Vervoer van gestremde persone

- Doel: verskaffing van vervoer aan behoeftige gestremdes
- Impak: Adonai Sorgsentrum met mikrobus geborg vir die daaglikse vervoer van gestremde studente tussen skool en tuiste en na ander spesiale geleenthede

• Ottosdal Nagmarathon

- Doel: ontwikkeling van marathonatlete
- Termyn en gereeldheid: drie opvolgende jare
- Teikengroep: ontwikkelingsatlete
- Deelname: meer as 6 000 atlete het aan die marathon deelgeneem
- Impak: deelnemers kwalifiseer om aan belangrike marathons, soos die Two Oceans Marathon, deel te neem. Vyf atlete deur Senwes geborg, het gekwalifiseer om aan die Comrades marathon deel te neem

BORGSKAPPE

• Senwes Jongboer Toekomsfokus

- Doel: die ontwikkeling en bevordering van belangstelling in die boerderybedryf en die verskaffing van inligting met betrekking tot tendense en ontwikkelings ten opsigte van boerderybestuur
- Termyn en gereeldheid: jaarlikse geleentheid vir die afgelope drie jaar
- Teikengroep: jong boere en voornemende jong boere
- Deelname: 220 jong boere uit die Vrystaat en Noordwes het gedurende die jaar onder oorsig aan die geleentheid deelgeneem

• Sektorale borgskappe

- Senwes was die hoofborg vir kongresse van die volgende bedryfsliggame:
 - ▼ AgriSA
 - ▼ NAFU
 - ▼ Agri Noordwes
 - ▼ Vrystaat Agri
 - ▼ Jongboere

MENSEREGTE

- Menseregte word deurlopend gemonitor
- Menseregteskendings word by wyse van die Maatskappy se dissiplinêre prosesse aangespreek
- Een insident van menseregteskendings het dissiplinêre aksie tot gevolg gehad
- 'n Beleid van nie-gebruikmaking van kinderarbeid is in plek en word streng afgedwing en deurlopend gemonitor. Insidente van kinderarbeid wat gedurende die jaar gerapporteer is, het toepaslike aksie tot gevolg gehad
- Geen insident van seksuele teistering is gerapporteer nie

IMPAK OP WERKNEMERS

VEILIGHEIDS-, GESONDHEIDS- EN OMGEWINGSINSIDENTE (SHE)

Beroepshigiëne

Die hoofdoel van 'n beroepshigiëneprogram is die beskerming van die gesondheid en veiligheid van werkers by bedryfspunte, wat deur prosesse en produksieaktiwiteite geaffekteer kan word. Die program fokus op die volgende:

- Die vermindering van bedryfsblootstelling (geraas en stof is geïdentifiseer as die belangrikste gevare geassosieer met graanprosessering)
- Oudiometrieëse ondersoeke word jaarliks gedoen op werknemers wat in geraassones werk en sodanige werknemers word voorsien van toepaslike gehoorbeskermingsapparaat. Die monitering van nakoming is ook geïmplementeer
- Geen gehoorverliesinsidente is vir die jaar onder oorsig gerapporteer nie, vergeleke met tien insidente die vorige jaar
- Alle persone wat in gebiede werk waar die stofkonsentrasie hoër is as die bedryfsblootstellingsperk, word van persoonlike stofbeskermingsapparaat voorsien
- Longfunksietoetse word op werknemers gedoen ten einde te verseker dat hul gesondheid nie verswak weens stofblootstelling nie

Veiligheidsprestasie

Prestasie-aanwyser	Prestasie-uitkoms
• Verlore tyd beserings (beserings wat afwesigheid tot gevolg het) • DIFR (beserings wat ongeskiktheid tot gevolg het) • Verlore man-dae • Beserings wat nie verlore tyd tot gevolg het nie • Opleiding	• Verminder vanaf 51 na 20 • Verminder vanaf 2,43% na 0,91% • Verminder vanaf 545 na 154 dae • Verminder vanaf 35 na 19 • 101 werknemers het formele SHE- en brandvoorkomingsopleiding deurloop • SHE-induksieopleiding vir alle nuwe werknemers

VERGOEDING EN BELONING

Vergoedingsfilosofie

Senwes se vergoedingsfilosofie en -strategie het ten doel om hoogs presterende en talentvolle personeel te bekom, te motiveer en te behou ten einde die Groep se strategiese doelwitte te kan bereik. Die Senwes filosofie is om volhoubare langtermynprestasie, wat deurlopend met die strategiese rigting en doelstellings van die onderneming ooreenstem, aan te moedig.

Vergoedingsbeleid en -struktuur

Die Groep se vergoedingstruktuur het vier komponente wat ontwerp is om korttermyn- en langtermyn doelwitte te balanseer:

- **Gewaarborgde vaste vergoeding**
 - Senwes se gewaarborgde vergoeding is gegrond op 'n totale-koste-vir-die-Maatskappy-benadering, wat alle voordele insluit, en word jaarliks hersien
 - Markvergelykings word in die relevante nasionale, provinsiale en in verskeie sektore van die arbeidsmark gedoen, met inagneming van kollektiewe bedingingsooreenkomste
- **Prestasiegebaseerde veranderlike vergoeding**
 - Dit sluit prestasievergoedingstrukture in soos kommissie en prestasiebonusse, gebaseer op voorafgestelde prestasiedoelwitte
- **Korttermyninsentiewe**
 - Dit is 'n prestasiegebaseerde aansporingskema vir alle werknemers, met uitsondering van werknemers wat aan ander prestasiegebaseerde veranderlike vergoedingskemas deelneem
 - Die skema is afhanklik van die bereiking van finansiële en ander relevante prestasiedoelwitte deur die Groep, relevante afdeling of individu
 - Die skema inkorporeer 'n winsdelingskomponent indien die Groep se finansiële doelwitte oorskry sou word
- **Langtermyninsentiewe**

Die skema is gemik op topbestuur, wat vir die strategiese rigting van die organisasie verantwoordelik is en moet toesien tot die behaling van langtermyn doelwitte en volhoubare waardeskepping vir alle belanghebbendes. Deelname aan die skema word jaarliks deur die Menslike Hulpbronnekomitee oorweeg, deur die Besturende Direkteur aanbeveel en deur die Direksie goedgekeur.

Prestasie-erkenning van werknemers

Senwes gee erkenning vir en beloon uitstaande prestasie deur toekennings en kontantinsentiewe tydens 'n toepaslike funksie.

'n Totaal van 18 toekennings word aan individue en spanne gegee.

Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne

'n Talentstrategie is ontwikkel, wat op die volgende toegespits word:

- Die ontwikkeling van 'n talentpoel in die kritiese talentsegmente
- Diversifisering van talentbronne
- Die verkryging van die beste talent
- Die verhoging van werknemerbesetting en -produktiwiteit
- Die behoud van goeie presteerders in die organisasie
- Die skep van 'n bemagtigende en ondersteunende werksomgewing wat diversiteit aanvaar
- Die ontwikkeling van leierskap vir die toekoms

Menslike Hulpbronnestatistiek

Prestasie-aanwyser	Prestasie-uitkoms
• Gemiddelde aantal werknemers vir die jaar	2 014
• Werknemeromset	11,4%
• Belegging in vaardigheidsontwikkeling	R3,04 miljoen
• Vaardigheidsontwikkeling as % van belasbare betaalstaat	1,2%
• Totale aantal deelnemers aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme	235

Menslike Hulpbronne-ontwikkeling

Program	Deelnemers
• Uitvoerende direkteursontwikkeling (Harvard)	3
• Middelbestuursprogram (NWU)	7
• Leierskapontwikkelingsprogram (NWU)	5
• Departement van Landbou	2
• Internasionale blootstellingsprogram (Insead)	2
• Versnelde leierskapontwikkelingsprogram	10
• Toesighouersprogram	22

Leerlingskappe en Geakkrediteerde Programme

Program	Deelnemers
• Nasionale Sertifikaat in Agri-handelsprosesse	9
• Nasionale Sertifikaat in Agri-verkope en -dienste	5
• Nasionale Sertifikaat in Graanhanteringsprosesse	14
• Nasionale Sertifikaat in Graanhanteringsbestuur	10
• Vakleerlingskapprogramme	14

Bemagtigende Werksomgewing

- Daar word voortgegaan met pogings om die werksomgewing te verbeter en 'n voortreflike waardeproposisie aan werknemers te bied.
- Daar word op die volgende gefokus:
 - die skep van 'n bemagtigende werksomgewing
 - die skep van uitdagende werks- en groeigeleenthede
 - betrokke en gemotiveerde werknemers
 - die ontwikkeling van 'n bekende handelsmerk
 - kompeterende vergoeding
- Senwes het vir die derde agtereenvolgende jaar aan die Deloitte “Best company to work for”-opname deelgeneem en die uitslae was soos volg:
 - 'n 47ste algemene plek uit 131 deelnemers is behaal, vergeleke met 'n 77ste plek in 2006 en 105de in 2005 respektiewelik
 - 'n 14de plek uit 62 deelnemers is in die kategorie mediumgrootte maatskappye behaal
 - 'n Derde plek uit vyf deelnemers is in die Landboukategorie behaal

OMGEWINGSIMPAK

Prestasie-aanwyser	Prestasie-uitkoms	+/- %
• Totale energieverbruik	• 25,230,931 kW/h	-6,5%
• Waterverbruik	• 111,442 kl	-135%
• Afval	• 27,433 kg	-23%
• Omgewingsverwante klagtes/insidente	• Geen	Geen

- Energieverbruik is met 6,5% verlaag weens die verkoop van industriële fasiliteite sowel as 'n streng besparingsprogram
- Waterverbruik is met 135% verlaag, hoofsaaklik weens die verkoop van industriële toerusting met 'n hoë waterverbruik
- 'n Groot kapitaalprojek is ook onderneem om die verkoelingstelsel in die Hoofkantoorgebou te vervang, wat 'n verwagte 40% verlaging in energieverbruik en 'n 25% verlaging in waterverbruik tot gevolg sal hê
- Kapitaalprojekte is ook goedgekeur vir die implementering van alternatiewe energiebronne by strategiese liggings, wat Hoofkantoor, sekere silo's en handelswinkels, sowel as vulstasies insluit

BEMAGTIGING

Hoogtepunte

- Voortgesette fokus op die interne transformasie van die Maatskappy, sowel as bydrae tot nasionale transformasie deur middel van industrie- en gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe
- Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) telkaart op dieselfde vlak

- Die wysigings aan die telkaart en gewigstoekennings soos aangekondig in die finale en gepromulgeerde Kodes van Goeie Praktyke in Februarie 2007, is aanvaar en toegepas op hierdie verslag, met gevolglike gewysigde gewigstoekennings, doelwitte en aanwysers, wat ook 'n impak op die gerapporteerde puntetellings en nie-vergelykbare jaar-tot-jaar-vergelyking het
- Senwes bly 'n vlak ses bydraer tot breë basis ekonomiese bemagtiging
- Die AgriSEB sektorale handves is gedurende die jaar onder oorsig gepromulgeer. Na inagneming van die bepalings van die sektorale handves, het Senwes besluit om sy rapportering ooreenkomstig die Kodes van Goeie Praktyke te handhaaf

BBSEB telkaart soos op 30 April 2008

Prestasie-aanwyser	2008		2007	
	Geweegde punte	Senwes prestasie	Geweegde punte	Senwes prestasie
Ekwiteitienaarskap	23	20,02	23	23,00
Bestuursbeheer	11	3,23	11	3,03
Gelyke geleenthede	15	-	10	0,88
Vaardigheidsontwikkeling	15	1,89	20	6,88
Voorkeurverkryging	20	12,13	20	9,88
Ondernemingsontwikkeling	15	7,05	11	1,83
Sosiale ontwikkeling	6	2,26	11	2,33
Totale puntetelling	106	46,58	106	47,03
Bydraersvlak	6		6	

- Goeie vordering is ten opsigte van ondernemingsontwikkeling en voorkeurverkryging gemaak
- Senwes se strategiese fokus het na gelyke geleenthede en vaardigheidsontwikkeling verskuif, wat 'n uitdaging bly, en strategieë is aanvaar en word geïmplementeer ten einde gestelde doelwitte te behaal
- Die kategorieë junior- en middelbestuur bied die grootste uitdaging ten opsigte van transformasie. Hierdie kategorieë gaan die meeste gebuk onder die effek van skaars vaardighede en die sogenaamde talent-orlog in die bedryf

Gelyke Geleenthede

Beheer- en bestuursvlak	Swart verteenwoordiging	Swart vroulike verteenwoordiging
• Direksie	31%	8%
• Senior bestuur	19%	0%
• Middelbestuur	13%	2%
• Junior bestuur en spesialiste	10%	2%

Ondernemingsontwikkeling

- Ondernemingsontwikkeling is toegespits op opkomende en ontwikkelende boerdery-ondernemings
- Totale hektare aangeplant deur opkomende produsente wat deur Senwes ondersteun word, het 750 hektaar oorskry
- Landboutegniese ondersteuning is aan produsente verskaf in die vorm van landbou-ekonomie, grondwetenskaplikes, landbouwetenskaplikes en veekundiges
- Opleidings- en blootstellingsprogramme is aangebied
- Produkiefasiliteite en oesversekering is verskaf
- Graanopbergings- en graanaankoopooreenkomste is met produsente aangegaan om hulle van marktoegang te verseker
- Ervare kommersiële produsente is as mentors aangestel
- Sewe opkomende produsente is geborg om die 2007 Agri Vooruitskouingskonferensie by te woon

Aandeelhoudersverslag

VERDELING VAN AANDELE

Portefeuljegrootheid	2008				2007			
	Aandeelhouers	%	Getal aandele	%	Aandeelhouers	%	Getal aandele	%
1 - 1 000	1 079	31,0	385 653	0,2	1 139	29,7	407 125	0,2
1 001 - 5 000	762	21,9	1 929 785	1,1	834	21,7	2 111 475	1,2
5 001 - 30 000	1 210	34,8	16 957 601	9,4	1 369	35,7	19 200 688	10,6
30 001 - 100 000	365	10,5	17 610 613	9,7	411	10,7	20 148 677	11,1
100 001 en meer	66	1,9	143 905 656	79,6	86	2,2	138 921 343	76,8
TOTAAL	3 482	100	180 789 308	100	3 839	100	180 789 308	100


VYF GROOTSTE AANDEELHOUERS

Senwesbel Beperk	64 126 004	35,5%
Royal Bafokeng Agri Investments (Edms) Bpk	31 896 503	17,6%
Treacle Nominees (Edms) Bpk	27 118 715	15,0%
Treacle Capital (Edms) Bpk	3 700 087	2,0%
Gardenview Nominees (Edms) Bpk	3 750 680	2,1%

→ RBF Konsortium

PRESTASIE VAN AANDEELPRYS

Aandeelprys: verhandelingswaarde vs netto batewaarde



AANDEELHOUERSDAGBOEK

Finansiële jaareinde	30 April 2008
Aankondiging van resultate	26 Junie 2008
Inligtingsvergaderings	Gedurende Julie & Augustus (datums sal aangekondig word)
Algemene Jaarvergadering	21 Augustus 2008
Betaling van finale dividende	4 September 2008

SENWES BEPERK

(Registrasienuommer 1997/005336/06)

("die Maatskappy")

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die twaalfde Algemene Jaarvergadering van lede van die Maatskappy op Donderdag, 21 Augustus 2008 om 11:00 in die **Raadsaal, Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp** gehou sal word om die onderstaande aangeleenthede af te handel:

A. VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE

Om die finansiële state van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2008, soos goedgekeur deur die Direksie, aan die vergadering voor te lê vir kennisname.

B. GEWONE BESLUIE

- Om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young Ing., tot die volgende algemene jaarvergadering, te oorweeg en goed te keur.
- Om die vergoeding van die ouditeure soos in die finansiële state (bladsy 79) uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.
- Om in terme van artikel 28.5 van die Maatskappy se statute die voorgestelde vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vanaf 1 Oktober 2008, soos vervat in die verduidelikende aantekeninge, hieronder uiteengesit, te oorweeg en goed te keur.
- Om die gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die Maatskappy onder die beheer van die Direksie te plaas met bevoegdheid om die aandele of 'n gedeelte daarvan, na hulle goeddunke, maar onderhewig aan die bepalings van artikel 221 van die Maatskappywet, 1973, ("die Wet") soos gewysig, uit te reik en toe te ken.
- Om die aanbeveling van die Direksie dat 'n dividend van 14 sent per aandeel in ooreenstemming met artikel 38.1 van die Maatskappy se statute verklaar word, te aanvaar (In terme van artikel 38.7 van die Maatskappy se statute mag die Algemene Vergadering nie 'n groter dividend as wat die Direksie aanbeveel het, verklaar nie). (Sien verduidelikende aantekeninge asook belangrike datums hieronder).

6. VERKIESING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Om direkteure te verkies in die plek van die nie-uitvoerende direkteure, wat in terme van die rotasiebepalings van die Statute uitree.

In terme van die Statute, moet beide mnr JPL (Johan) Alberts, mnr GNV (Oupa) Magashula, as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, asook mnre JA (Bertus) Mostert en WH van Zyl by wyse van rotasie uitree.

Mnre Magashula en Mostert was nie beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere ampstermyn nie, maar beide mnre Alberts en Van Zyl is beskikbaar.

Voorts is mnre Nico Liebenberg en Rudolf Pretorius ook deur die lede genomineer as kandidate en is beskikbaar vir verkiesing. Gevolglik is vier kandidate genomineer vir vier vakatures wat tans beskikbaar is op die Direksie.

Die besonderhede van die kandidate is soos volg:

- 6.1 **Besluit 6.1:** Besluit dat mnr JPL Alberts herverkies word as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Verkorte curriculum vitae

Volle name en van

Adres

Ouderdom

Diensjare

Johannes Petrus Lourens (Johan) Alberts

Blue Gum Bend Nr 3, Eldoraigie Uitbreiding 3, Centurion, 0157

65 jaar

7 jaar. Dien as direkteur sedert 1 Januarie 2001. Hy is tans die voorsitter van Senwes se Ouditkomitee

Kwalifikasies

B.Comm (Ekonomie), Universiteit van Pretoria in 1964; STR, Unisa in 1969; GR(SA) in 1970; IMI (International Advanced Management Programme), Bestuurskool in Geneve, Switserland in 1987; Verskeie bestuurskursusse.

Ervaring

Johan het sy loopbaan as klerk en later hoof boekhouer by die Staatsdrukker in 1961 begin. Hy is aangestel as Senior Interne Ouditeur by Krygkor in 1971, waarna hy die pos van Hoofrekenmeester by Pretoria Metaal Pers beklee het in 1972 en bevorder is na Hoof Produksie en Ontwikkelingsbestuurder in 1974 en Hoof Uitvoerende Beampte by dieselfde maatskappy vanaf 1980 tot 1989. Johan is as Senior Uitvoerende Bestuurder, Finansiering en Beplanning aangestel by Krygkor in 1990 en is bevorder tot Hoof Uitvoerende Beampte van die Krygkor Groep in 1991. Hy is aangestel as Hoof Uitvoerende Beampte van Denel (Edms) Beperk in 1992, waar hy dié pos beklee het tot 1997. Johan bedryf sedert 1998 sy eie besigheids- en boerderybelange.

Huidige direkteurskappe en ander posisies

Senwes Beperk, Theabert Trading (Pty) Limited, Chrillinda Beleggings BK, Bluebend Beleggings BK, Aquasand Beleggings BK, Alberts Trust.

Kontakbesonderhede

Tel nr: (012) 653-2210

- 6.2 **Besluit 6.2:** Besluit dat mnr WH van Zyl herverkies word as nie-uitvoerende direkteur.

Verkorte curriculum vitae

Volle name en van

Adres

Geboortedatum en ouderdom

Diensjare

Kwalifikasies

Wilhelmus Hendrikus van Zyl (WH)

Visagieskuil, Posbus 254, Wesselsbron, 9680

16 Mei 1942, 66 jaar

6 jaar, sedert Oktober 2002

-

Ervaring/vorige posisies WH was 'n stigterslid en ook Voorsitter van die Losdoorns Studiegroep in 1963. Hier was hy nou betrokke by die ontwikkeling van die "rip op die ry" en deklaagbewerkings.

Hy verteenwoordig die streek Wesselsbron en Hoopstad op die hoofbestuur van NAMPO/Graan SA vanaf 1988 - 2001 en dien op die Mielieraad in 1992 - 1993. Hy is verder die voorsitter van die Produksiewerkgroep en dien op die dagbestuur van GSA en op die Beplanningskomitee van die LNR se Somergraansentrum in Potchefstroom. Hy was direkteur van die Suid-Afrikaanse Graan Laboratorium en is 'n lewenslange bydraer van die Vrystaat Landbou-unie.

Hy dien op verskeie vlakke van die plaaslike bestuur en was voorts lid van die Goudveldse Landelike Oorgangsraad.

Huidige direkteurskappe en ander posisies Direkteur van Senwes Beperk, Senwesbel Beperk, W & A Saaiboerdery, Bothaville Milling, WH & Seuns, Anita Trust, Visagieskuil Trust, Rietgat Trust, Van Zyl Beleggings Trust en Katani Trust.

Senwes direksiekomitees Voorsitter van die Senwes Risikokomitee en lid van die Standaard-komitee

Addisionele inligting In 1990 word hy aangewys as NAMPO/Foskor se Mieliemans van die Jaar.

Kontakbesonderhede Tel nr: (057) 899-1277
Sel nr: 083 269 5330
e-pos: whvanzyl@thuso.co.za

6.3. Besluit 6.3: Besluit dat mnr NDP Liebenberg verkies word as nie-uitvoerende direkteur.

Verkorte curriculum vitae

Volle name en van Nico Daniël Pieter Liebenberg (Nico)
Adres Fraaiuitzicht, Posbus 345, Bothaville, 9660
Geboortedatum en ouderdom 5 Desember 1968, 39 jaar
Diensjare Geen
Kwalifikasies B.Comm (Hons)

Ervaring/vorige posisies Nico begin einde 1991 boer in Bothaville en bou 'n gemengde boerderyeenheid op wat bestaan uit die volgende vertakings: droëland graan, beeste en groente onder besproeiing.

Die groentevertakking het intussen gegroei tot die nasionale alleenverskaffer van onder andere geelwortels aan Woolworths en het meer as 200 voltydse werknemers in diens.

Huidige direkteurskappe en ander posisies Direkteur van verskeie persoonlike familie-entiteite

Senwes direksiekomitees Geen

Addisionele inligting Nico boer sedert 1991 voltyds in die Bothaville distrik.

Kontakbesonderhede Tel nr: (056) 515-2712
Sel nr: 073 167 3352
e-pos: amanda@greenpak.co.za

6.4 Besluit 6.4: Besluit dat mnr PR Pretorius as nie-uitvoerende direkteur verkies word.

Verkorte curriculum vitae

Volle name en van Pieter Rudolf (Rudolf) Pretorius
Adres Ecclestone-singel 54, Bryanston, 2021
Geboortedatum en ouderdom 15 Februarie 1962, 46 jaar
Diensjare Geen
Kwalifikasies B.Compt (Hons) GR(SA)
Ervaring/vorige posisies Voor Rudolf by Treacle aangesluit het, het hy 12 jaar gespandeer in korporatiewe finansies, batebestuur, versekering en beleggingsbank-wese as senior uitvoerende direkteur by Rand Aksep Bank.

Rudolf het uitgebreide operasionele ondervinding in die begin van nuwe besighede en het Origin, die privaat bankdivisie wat deur die First Rand Groep gevestig is, vanaf aanvang bestuur. Hy was ook nou betrokke in die vestiging van Outsurance.

Huidige direkteurskappe en ander posisies Direkteur van Treacle Private Equity asook nie-uitvoerende direkteur van verskeie maatskappye soos Momentum Korttermyn Versekerings-maatskappy en Sourcecode Technology Holdings Limited.

Senwes direksiekomitees Geen

Kontakbesonderhede Tel nr: (011) 463-7476

Gedurende die jaar het die Direksie ook 'n addisionele onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, me JA (Jesmane) Boggenpoel aangestel. Ingevolge die Statute, word eweneens van lede vereis om haar aanstelling te bekragtig.

6.5 Besluit 6.5: Besluit om die aanstelling van me JA Boggenpoel as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur in terme van artikel 28.2.2 van die Maatskappy se statute, te bekragtig.

Verkorte curriculum vitae

Volle name en van Jesmane Arnel Boggenpoel (Jesmane)

Adres	Lavenderlaan 37, Paulshof, 2191
Geboortedatum en ouderdom	20 Junie 1973, 35 jaar
Diensjare	Geen
Kwalifikasies	B.Comm, B.Acc, GR(SA)
Ervaring/vorige posisies	Jesmane het haar werksloopbaan begin in 1996 as leerling rekenmeester by KPMG, waarna sy 'n bestuurder in die Korporatiewe Finansies Departement geword het. Sy was ook 'n analis by Anglo American PLC, Transaksie Direkteur by Brait Private Equity. Sy is tans 'n onafhanklike konsultant en verskaf strategiese en korporatiewe finansiële advies.
Huidige direkteurskappe en ander posisies	Nie-uitvoerende direkteur van Land Bank, Voorsitter van SA Instituut van Belastingpraktisyns, nie-uitvoerende direkteur van African Women Chartered Accountants Investment Holdings.
Senwes direksiekomitees	Lid van die Ouditkomitee
Addisionele inligting	Jesmane tree op as lid van die Ouditkomitee van verskeie entiteite soos die Johannesburg Ontwikkelingsagentskap en die "Marine Living Resources Fund".
Kontakbesonderhede	e-pos: jesmane@vodamail.co.za

BELANGRIKE INLIGTING

Geen ander persoon, behalwe die uittredende direkteur, kan as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge artikel 30.7 van die statuut genomineer is. Nominasies van persone wat ingevolge die Maatskappywet en die statute van die Maatskappy bevoeg is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris verkrygbaar is.

Voltooide nominasievorms moet minstens 30 dae voor die vergaderingsdatum by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) ingedien word.

C. SPESIALE BESLUIE**1. ALGEMENE MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE****"Spesiale besluit nr. 1**

DAT die Maatskappy gemagtig word, by wyse van 'n algemene magtiging soos bedoel in artikels 85(2) en 85(3) van die Maatskappywet, 1973 soos gewysig ("die Wet"), om –

- uitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy terug te koop;
- aandele in die Maatskappy se houermaatskappy (indien enige) te koop;
- die koop van aandele in die Maatskappy deur 'n filiaal van die maatskappy toe te laat,

soos en wanneer nodig geag, en op sodanige terme en voorwaardes en in sodanige bedrae, as wat die direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderworpe aan die statute van die Maatskappy en die bepalinge van die Wet."

Die rede vir en effek van spesiale besluit nummer 1 is om 'n hernubare algemene magtiging aan die Maatskappy te verleen om uitgereikte aandele van die Maatskappy terug te koop, om die koop van aandele in die Maatskappy deur 'n filiaal van die Maatskappy toe te laat, en om toe te laat dat die Maatskappy aandele koop in 'n houermaatskappy van die Maatskappy.

D. VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE RAKENDE GEWONE BESLUIE**GEWONE BESLUIT 3: DIREKTEURSVERGOEDING AAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE**

Lede word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure met ingang van 1 Oktober 2008, soos hieronder uiteengesit, te oorweeg en goed te keur. Die vergoeding behels 'n verhoging van gemiddeld 5% teenoor die vorige jaar se vergoeding.

Ingevolge artikel 28.5 van die statute is die nie-uitvoerende direkteure geregtig op direkteursvergoeding, soos wat lede mag bepaal. Die besonderhede van die vergoeding betaal in 2007 is beskikbaar in die finansiële state.

Hierdie vergoeding word deur die Direksie bepaal na deeglike marknavorsing deur die Menslike Hulpsbronne Direksiekomitee, waarna dit aanbeveel word vir goedkeuring deur lede:

KATEGORIE	Voorgestelde vergoeding 2008
	R
Voorsitter (per jaar)	289 500
Ondervoorsitter (per jaar)	203 000
Direkteure (per jaar)	125 700
Direksiekomitees (per vergadering bygewoon)	5 780
Spesiale projekte	2 400
Voorsitter (per vergadering bygewoon):	
Ouditkomitee	10 900
Ander direksiekomitees	8 500

Werklike reis- en verblyfuitgawes word vergoed binne gestelde riglyne.

ALGEMENE JAARVERGADERING: 21 AUGUSTUS 2008
VOLMAG

GEWONE BESLUIT 5: AANBEVOLE DIVIDEND

Lede word versoek om 'n aanbeveling van 'n finale dividend van 14 sent per aandeel goed te keur.

Belangrike datums vir houters van gewone aandele

	Datum 2008
Bekragtiging van dividend	Donderdag, 21 Augustus
Rekorddatum vir dividend	Donderdag, 21 Augustus om 11:00
Betaaldatum dividend	Donderdag, 4 September

BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

- Alle lede is geregtig om die vergadering by te woon en daarop te stem. Vir doeleindes van die vergadering sal die lederegister van die Maatskappy soos op Dinsdag, 19 Augustus 2008 bepaal wie lede is.
 - 'n Lid wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.
 - 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die Maatskappy te wees nie.
 - 'n Volmagtvorm word hierby ingesluit. Volmagtvorms kan ook na keuse van die lid elektronies ingedien word.
 - Lede wat verkies om by wyse van volmagt teenwoordig te wees en te stem –
 - moet die volmagtvorm ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en voor of **Dinsdag, 19 Augustus 2008 om 11:00** inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 by wyse van faks of per pos, vir aandag die Maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464-2228.
- OF
- kan die volmagte elektronies indien via die Internet. Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: **www.senwes.co.za/agm**. Die notas op die keersy van die ingeslote volmagtvorm rakende die voltooiing van volmagt is *mutatis mutandis* van toepassing op die elektroniese volmagtvorms.
- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal by die Maatskappysekretaris op aanvraag beskikbaar wees vanaf 22 Julie 2008.

In opdrag van die Direksie van die Maatskappy.



EM Joubert (Mou)

MAATSKAPPYSEKRETARIS
KLERKSDORP
20 Junie 2008

Tel nr. (018) 464-7104

Ek/ons (drukskrif) _____
(naam van aandeelhouer)

Aandeelhouders en/of Senwes klant nr: _____ Tel en/of Sel nr: _____

of _____
(adres)

synde 'n lid/lede van die Maatskappy, stel hierby:

_____ (naam van gevolmagtigde)

van _____
(adres)

of indien hy nie _____
(naam van gevolmagtigde)

van _____
(adres)

of indien hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy wat gehou staan te word op 21 Augustus 2008 en enige verdrag daarvan, soos volg namens en ten behoeve van my/ons te stem:

		TEN GUNSTE VAN	TEEN	BUITE STEMMING
1.	Gewone besluit nr 1 (aanstelling ouditeure)			
2.	Gewone besluit nr 2 (ouditeursvergoeding)			
3.	Gewone besluit nr 3 (direkteursvergoeding)			
4.	Gewone besluit nr 4 (onuitgereikte aandele onder beheer van Direksie)			
5.	Gewone besluit nr 5 (goedkeuring van aanbevole dividend)			
6.1	Gewone besluit nr 6.1 (herverkiesing van JPL Alberts)			
6.2	Gewone besluit nr 6.2 (herverkiesing van WH van Zyl)			
6.3	Gewone besluit nr 6.3 (verkiesing van NDP Liebenberg)			
6.4	Gewone besluit nr 6.4 (verkiesing van PR Pretorius)			
6.5	Gewone besluit nr 6.5 (bekragtiging van aanstelling van JA Boggenpoel)			
7.	Spesiale besluit nr 1 (algemene terugkoop van aandele)			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien)

Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmagt sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____ 2008.

Bygestaan deur (waar toepaslik)

Handtekening

Indien volmagt namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust

NOTAS:

1. 'n Lid is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skruppings van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrupping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien die naam van geen gevolmagtigde in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.
2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.
3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.
4. Dokumentêre bewys van die magtiging van 'n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word.
5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die Maatskappy voorgelê is of word.
6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur/likwidateur/kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoër Hof. Indien deur middel van 'n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.
7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:
 - 7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en
 - 7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die Maatskappy se lederegister aangeteken is) wat 'n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).
8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene vergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.
9. **Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris van die Maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 11:00 op Dinsdag, 19 Augustus 2008. Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks gestuur word by faks nrs. (018) 464-2228 of 086 680 3124 voor of op bogemelde datum.**

Korporatiewe inligting

SENWES BPK

Reg nr: 1997/005336/06

POSADRES

Posbus 31, KLERKSDORP, 2570

GEREGISTREERDE KANTOORCharel de Klerkstraat 1
KLERKSDORP, 2571

Telefoon: (018) 464-7800

Telefaks: (018) 464-2228

ODITEURE

Ernst & Young Ing.

Posbus 2322

JOHANNESBURG

2000

AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Aandag: Die Maatskappysekretaris

Senwes Bpk

Posbus 31

KLERKSDORP, 2570

Telefoon: (018) 464-7105

OORDRAGSEKRETARISSE

Aandag: Die Maatskappysekretaris

Senwes Bpk

Posbus 31

KLERKSDORP, 2570

Telefoon: (018) 464-7121

FINANSIER-VENNOTE

ABSA Bank Bpk (ABSA)

Standard Bank Bpk (SBSA)

Rand Aksepsbank Bpk (RMB)

Wesbank

WEBWERF

www.senwes.co.za

TOLVRYE NOMMER

080 941 4011

